


MATIE- *-land*

UNIVERSITEITSBIBLIOTEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

15 DEC 1964

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY





verkry u aandeel
in die welvaart
van Suid-Afrika

Suid-Afrikaners op alle terreine van die samelewing gebruik in al hoe groter mate hul spaar- en beleggingsfondse om 'n aandeel in die geweldige industriële ontwikkeling van ons land te verkry. Op hierdie gebied speel die Federale Groep 'n belangrike rol. □ Skryf om volledige besonderhede van die omvangryke beleggingsdienste wat Federale Volksbeleggings Beperk vir u kan aanbied.


Die Federale Groep

Posbus 3079, Kaapstad

Posbus 333, Bloemfontein

Posbus 2911, Johannesburg

V&R 3946-a



Goude Meester

Likeurbrandewyn

EERSTE PRYS EN GOUE MEDALJE, LONDEN
HALFEEUSE RYKSWYNTENTOONSTELLING

GEE 'N MAN 'N LUCKY!



Vervaardig in Suid-Afrika, Rhodesië, V.S.A., Wes-Duitsland, Denemarke, Australië, Holland

vir
u
geskep
deur
WOLNIT
in
SUIWER
WOL



NUWE NETJIESE ONTSPANBAADJIES

in Wonderlike Wolnit „Weavenit” — wat dra en dra en dra, maar altyd vars en nuut bly. Sprankelende kleurkombinasies. (Ook sportbaadjies.)

Wolnit SUPER


Verkrygbaar by alle goeie uitrusters

MANSDRAG VAN WÊRELDGEHALTE

CASTLE LAGER

Geniet
dit
koud!

Dit verkwik
Dit bevredig
Dit beur op



MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

R. P. CONRADIE

MET MEDEWERKING VAN

DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

Inhoudsopgawe

REDAKSIONEEL

Die Groei van die Universiteit	7
Ons Eeufeesviering in 1966	8
Ons Volk en Sy Geskiedenis	8

UNIVERSITEITSNUUUS

Personeelnuus	9
Aardrykskundiges hou Konferensie	10
Skenking van Waardevolle Fotografiese Materiaal	11
Opknappingskursus vir Maatskaplike Werkers	12
Lionel Bowman ontvang Ere-toekenning	13
Triomf vir Professor Engelen	13
Eerste Navorsingsprojekte by die Kerninstituut	14
Oud-Wilgenhoffers in hul Skik	15

ARTIKELS

Hoëtemperatuur-navorsing	18
Stellenbosch hou Kunsfees	22
Die Ou Hoofgebou	24
Die Administrasie van die Universiteit	27
Rugby vir Suid-Afrika	29
SO BOU HULLE MATIELAND	35
VAN ALLES EN NOG	39
DIE MATIELANDFONDS	42

BUITEBLADFOTO

Wilgenhof, 1964

(Foto: Christo S. Botha)

Die Groei van die Universiteit

Wanneer oud-Maties, wat Stellenbosch 'n hele aantal jare gelede verlaat het, deesdae hulle Alma Mater besoek, staan hulle verbaas oor die onmiskenbare tekens van groei en ontwikkeling wat orals te bespeur is. Ou geboue moes plek maak vir nuwes wat groter is; op eertydse oop ruimtes het indrnkwekkende nuwe akademiese geboue of sierlike koshuise vryrs; sportvelde is vergroot en die Universiteitsterrein is verfraai. Die studentetal spreek ook ondubbelinnige taal: gedurende die afgelope tien jaar het dit heelwat meer as verdubbel, en dit het nou reeds ongeveer die 5,700-kerv bereik. Die besoeker uit meer beskeie dae neem dit alles met verbasing — maar ook met 'n gevoel van genoegdoening en trots — waar. Ons Alma Mater openbaar onkeerbare lewenskrag; en hy gaan die toekoms met dankbaarheid, met beslistheid en vertroue tegemoet.

'n Vraag wat egter soms opduik, is of dit nie tyd geword het dat die getal studente vasgepen word nie, sê op 7,000. In hierdie verband moet egter onthou word dat beperking van die studentetal reeds lankal op 'n heel natuurlike wyse plaasvind. Die Universiteit se ligging in 'n dorp soos Stellenbosch, beteken op sigself al 'n beperking van getalle. Juis omdat die dorp slegs beperkte akkommodasie aan studente kan bied, was die Universiteit verplig om deur middel van koshuise vir die huisvesting van 'n baie groot persentasie van sy studente voorsiening te maak. Reeds geruime tyd word jaarliks al aansienlike getalle aansoeke om toelating tot die koshuise noodgedwonge afgewys. Party van die onsuksesvolle aansoekers vind elders in die dorp onderdak, maar hierdie moontlikhede is ook beperk, sodat 'n hele aantal dikwels teleurgesteld moet omdraai. Soms is dit 'n lang-gekoesterde ideaal om eendag 'n Matie te word, wat dan ongelukkig in due stort. Soms geld dit kinders van mense, wat hulle eie verblyf as studente op Stellenbosch onder die gelukkige ervarings van hulle lewens tel, of kinders van mense wat baie goeie vriende van die Universiteit is en dit met geldelike bydraes steun.

Die Universiteit van Stellenbosch se deure moet soveel doenlik oop bly vir almal wat met welslae kan studeer. Die besondere bevolkingsamestelling van die Republiek maak dit gebiedend noodsaklik dat elke blanke seun of dogter so goed moontlik geskoold die lewe sal ingaan. Elkeen van hulle is geroep tot 'n taak van voogdyskap oor en leiding van mense wat minder ontwikkeld is. Daar bestaan geen werkloosheid onder deeglik-opgeleide mense nie; inteendeel, die behoefté aan opgeleide mense spreek uit die talte prominente advertensies, en uit die gereelde veldtogte van individue en firmas om jongmense se beroepskeuse in die een of ander rigting te beïnvloed. Onder sulke omstandighede sou onoordeelkundige beperking van die studentetalle aan ons universiteite vanselfsprekend 'n groot ondiens aan ons land wees.

Vanaf sy ontstaan het die Universiteit van Stellenbosch hom nog altyd geskaar aan die kant van alles wat eg Suid-Afrikaans is. Die land het mettertyd in hoë mate na Stellenbosch gekyk om leiding te gee. Om vandag nog in die teken van leierskap te staan, moet Stellenbosch sterk wees, ook wat sy studentetal betref. Immers, 'n klein inrigting kan die mantel van die Universiteit van Stellenbosch van 20 jaar gelede, nie meer dra nie.

'n Onoordeelkundige beperking van getalle kan stilstand en stagnasie in die hand werk. 'n Groeiende studentetal skep wel probleme, maar dit dien tewens as prikkel tot voortdurende beplande aktiwiteit, en verder ook as uitdaging om jonk te bly en leiding te gee. Mag dit met Stellenbosch altyd só bly!

ONS EEUFEESVIERING IN 1966

Die Eeupeesjaar kom vinnig nader. Van die kant van die Universiteit sal alles in die werk gestel word om dit 'n fees te maak wat die geleenthed waardig is. Matieland sal sy lesers van tyd tot tyd inlig oor die jongste ontwikkelings. Op hierdie stadium kan ons medeel dat twee komitees, t.w. die Sentrale Reëlingskomitee en die Eeufeespublikasiekomitee, benoem is en reeds hard besig is met voorbereidingswerk. Die driejaarlikse Kunsfees sal vermoedelik in 1966, in plaas van 1967, plaasvind om deel uit te maak van die Eeufeesvierings. Verder sal belangrike opvoekundige, akademiese, wetenskaplike en kulturele organisasies uitgenooi word om hulle jaarvergaderings, kongresse of konferensies op Stellenbosch te hou, en 'n besondere sportprogram sal afgehandel word. Die volledige geskiedenis van die ontwikkeling van die Hoër Onderwys op Stellenbosch word tans opgestel.

Ons doen 'n beroep op alle oud-Maties om ons met die volgende twee sake behulpsaam te wees:

1. Die opspoor van alle nog lewende oud-studente van die Victoria-Kollege en die Universiteit van Stellenbosch. Indien u weet van oud-studente wat nie as sulks geregistreer is nie, sal ons dit waardeer as u hulle volle name, adresse, studiejare en grade behaal aan ons kan verstrek.

2. Versameling van oudhede en interessanthede uit die geskiedenis van die Universiteit. Hier dink ons aan foto's, dokumente, tydskrifte, lieverbundels, studentepublikasies, koerantberigte, sakwapens, medaljes, ens. Die Departement van Ontwikkeling beoog die opbou van 'n museum wat die geskiedenis van die Universiteit deur die jare sal uitbeeld.

Die Rugbyklub wil ook baie graag die interessante versameling wat hulle reeds besit, aanvul met enige artikel wat op rugby op Stellenbosch betrekking het.

Stuur asseblief die artikels aan: Die Direkteur, Departement van Ontwikkeling, Universiteit, Stellenbosch.

ONS VOLK EN SY GESKIEDENIS

Tydens sy sewentiende tweejaarlikse kongres te Bloemfontein op 30 September en 1 Oktober, het die F.A.K. ernstig besin en duidelik standpunt ingeneem oor die posisie van Geskiedenisonderwys in ons land. Deur „Ons Volk en Sy Geskiedenis“ as kongrestema te kies het die F.A.K. enersyds die belangrikheid van Vaderlandse Geskiedenis as kultuurvak beklemtoon, en andersyds die feit onder die oë gesien dat dit nie goed gaan met die onderwys van die vak op ons skole nie. Ontstellende feite en statistieke het aan die lig gekom, veral oor die sterk dalende persentasie leerlinge wat Geskiedenis as vak vir die skool-eindeksamens aanbied. Die referate, besprekings, beskrywingspunte en finale resolusies het deurgaans getuig van diepe erns en kommer oor die gebrek aan belangstelling in die vak, en eerlike pogings om die verlore veld te herwin. Mag die vertoë wat in dier voege tot die betrokke ouerhede gerig is, nie op dowe ore val nie!

In sy voorsittersrede het die Rektor, prof H. B. Thom, sy pleidooi vir Geskiedenis as verpligte vak in die laaste twee hoërskooljare herhaal, met dié voorbehoud dat dit voorafgegaan word deur 'n deurtastende ondersoek na, en drastiese wysiging van die bestaande eksamenstelsel. Die agt beskrywingspunte wat namens die Universiteit en

ander kultuurliggome op Stellenbosch deur mnr. P. J. Lombard, Direkteur van Ontwikkeling, en mnr. R. P. Conradie, Redakteur van Matieland, voorgedra en deur die kongres aanvaar is, was almal daarop bereken om groter belangstelling in Geskiedenis op skool en op die breër volksterrein te bewerkstellig en die onderwys van die vak meer aantreklik te maak.

Prof. Thom is onder luide toejuicing onbestreden vir die sewende agtereenvolgende keer tot voorsitter van die F.A.K. herkies. Die afgevaardigdes het treffend hulde gebring aan prof. Thom wie se naam vir hulle sinoniem met die Afrikaner se kultuurstrewe geword het, en aan mev. Thom wat hom so getrou ter syde staan.

Universiteitskoor Staande Toegejuig

Op 3, 4 en 5 Oktober het die Ekonomiese Instituut van die F.A.K. die 25-jarige Herdenkingsfees van die Eerste Ekonomiese Volkskongres in 1939 georganiseer. Een van die glanspunte tydens hierdie driedaagse feeskongres was ongetwyfeld die skitterende uitvoering deur die Stellenbosse Universiteitskoor onder leiding van Philip McLauchlan in die Bloemfonteinse Stadskouburg. Aan die einde van die uitvoering het die gehoor die koor staande toegejuig.

Personeelnuus

Vier Nuwe Professeure

DR. C. VERBURGH, senior lektor in Vervoerwese aan die Universiteit, is met ingang 1 Januarie 1965, bevorder tot hoogleraar in Vervoerwese.

Dr. Verburgh het in 1951 die graad Drs. Econ. aan die Nederlandsche Economische Hogeschool, Rotterdam, behaal. In 1955 behaal hy die graad D.Comm., aan die Universiteit van Pretoria op die proefskrif „Havens en Scheepvaart van Zuid-Afrika”. Dr. Verburgh was vir 3½ jaar verbonde aan die Nederlandsche Economische Instituut in Rotterdam en vanaf 1952 tot 1954 aan die Ekonomiese Afdeling van die Nederlandse Bank in Pretoria. Vanaf 1955 was hy verboude aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit van Stellenbosch — eers as navorsingsbeampte en later as hoofnavorsingsbeampte. Sedert 1961 is dr. Verburgh senior lektor in Vervoereconomie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Dr. Verburgh is 'n geassosieerde lid van die S.A. Instituut van Vervoer, lid van die Nederlandsche Economische Instituut, Rotterdam, en lid van die Uitvoerende Komitee van die S.A. Padfederasie (Kaapse Streek). Verskeie publikasies van ekonomiese en vervoerekonomiese aard het reeds uit die pen van dr. Verburgh verskyn.

MNR. R. H. BEHRENS, Direkteur van die Konservatorium vir Musiek aan die Universiteit, is met ingang 1 Januarie 1965 bevorder tot hoogleraar in Musiek.

Richard Hermann Behrens is op 7 Julie 1925 op Kroondal in die distrik Rustenburg gebore. Hy het sy skoolopleiding op Kroondal en aan die Rustenburgse Hoërskool ontvang. Daarna het hy aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer en die grade B.A., cum laude, en B.Mus. verwerf. Sy musiekopleiding het hy hoofsaaklik van wyle prof. Maria Fismer, destydse hoof van die Stellenbosse Konservatorium vir Musiek, onthaal. Later het hy sy studies in kerkmusiek en teoretiese musiek onder proff. Helmut Walcha en Kurt Hessenberg aan die Staatliche Hochschule für Musik in Frankfurt am Main, Duitsland, voortgesit.

Mnr. Behrens is in 1948 as junior lektor in Orrel en Teoretiese Musiek aan die Konservatorium vir Musiek van die Universiteit van Stellenbosch aangestel. Nadat hy in 1949 tot lektor, en in 1958 tot senior lektor bevorder is, het hy in 1961 Direkteur van hierdie inrigting geword.

By geleentheid van die Goue Jubileumfees van die Stellenbosse Konservatorium vir Musiek in 1955 het mnr. Behrens die geskiedenis van die Konservatorium te boek gestel. Sedert 1958 tree hy op as hooforganiseerder van die driejaarlike Stellenbosse Kunsefees. Mnr. Behrens dien op die Gesamentlike Adviserende Komitee vir Musiek van die Universiteit van Suid-Afrika, en is lid van die Musiekkomitee en die Musieakkomsitee van die Kaaplandse Raad vir Uitvoerende Kunste.

DR. W. L. MOUTON, navorsingsbeampte aan die Kernnavorsingseenheid van die Universiteit van die Witwatersrand, is met ingang 1 Januarie 1965 aangestel as hoogleraar in Fisika (Eksperimentele Kernfisika).

Dr. Mouton het in 1948 die graad B.Sc., cum laude, en in 1950 die graad M.Sc., cum laude, aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal. In 1960 behaal hy die graad Phys. Drs., en in 1962 die graad Dr. Wisk. Nat. aan die Universiteit van Utrecht, op die proefskrif „The Measurement of Nuclear Lifetimes by the Resonance Fluorescence Technique.”

Dr. Mouton was gedurende die tydperk 1951 tot 1958 lektor en vanaf 1958 tot 1959 senior lektor in Fisika aan die Universiteit van Natal. Sedert Januarie 1960 is hy na-



Dr. C. Verburgh



Mnr. R. H. Behrens



Dr. W. L. Mouton



Prof. J. J. Doesburg

vorsingsbeampte aan die Kernnavorsingseenheid van die Universiteit van die Witwatersrand.

Verskeie wetenskaplike artikels het reeds uit die pen van dr. Mouton in internasionale wetenskaplike tydskrifte verskyn. In 1962 het dr. Mouton die Internasionale Ver snellerkonferensie in Boston, V.S.A. bygewoon.

PROF. J. J. DOESBURG is aangestel as hoogleraar in Voedselwetenskap. Hy volg prof. C. B. Smit op wat verlede jaar 'n betrekking in die V.S.A. aanvaar het.

Die familie Doesburg het in Augustus uit Wageningen, Nederland, in Suid-Afrika aangekom. Prof. Doesburg was voorheen sekretaris van die Nederlandse Vereniging van Voedingsleer en Lewensmiddele. Hy was ook lid van die staatsvoedingsraad en sekretaris van die kuratorium van die leergang insake die verduursaming van lewensmiddele.

Ander Aansstellings en Bevorderings

Mnr. H. P. Muller as senior lektor in Bedryfsielkunde.

Dr. A. J. du Toit as senior lektor in Houtkunde.

Dr. J. D. Neethling as senior lektor in Wiskunde.

Mnr. D. C. Scholtz as senior lektor in Landbou-ingenieurswese.

Dr. J. S. Aden as senior lektor in Erflikheidsleer.

Dr. P. R. Morkel as senior lektor in Landbou-ekonomiese.

Mej. I. M. Hofmeyr as lektrise in Verpleegkunde.

Mnr. T. L. Holdstock as lektor in Sielkunde.

Mur. G. v. W. Kruger as lektor in Klassieke Tale.

Mev. J. J. Jordaan as lektrise in Engels (Fakulteit van Opvoedkunde).

Vier dosente het betrekings aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aauvaar. Hulle is:

MNR. CHRIS SWANEPoEL, senior lektor aan die Konservatorium, as hoogleraar in Musiek;

MNR. W. A. JOUBERT, senior lektor in Rekeningkunde, as hoogleraar in Rekeningkunde.

DR. W. BOEDDINGHAUS, lektor in Duits, as hoogleraar in Duits, en

MNR. JO GEVERS, lektor in Verhoogtegniek, as senior lektor in Drama.

Aardrykskundiges hou Konferensie

Gedurende die Septembervakansie het meer as 100 afgewaaldigdes uit al vier provinsies die tweede Uniale Konferensie van Aardrykskundiges op Stellenbosch bygewoon. Die konferensie is deur die Departement van Geografie gereël onder leiding van prof. A. Nel en dr. J. P. Jansen en is gehou onder beskerming van die Vereniging vir Aardrykskunde-Onderwys. Die meeste toonaangewende geograafe in Suid-Afrika het die konferensie bygewoon.

Benewens prof. Nel se treffende uittreerde as President van die S.A. Aardrykskundige Genootskap, oor *Geografiese Verskeidenheid en Wetenskaplike Diepte*, is elf referate gelewer, o.a. deur dr. Vernon Forbes van die Universiteit Rhodes, mnr. N. J. Scheepers van die Universiteit van S.A., mnr. W. F. Marsh van die Trigonometriese Opnames, prof. H. Martin van U.K., mnr. I. G. Nicol van Johannesburg en dr. W. S. Barnard van die Universiteit van Stellenbosch. As voorsitters het opgetree prof. W. J. Talbot, prof. J. H. Moolman, prof. J. S. van der Merwe, prof. E. Stander en dr. D. J. Conradie.

'n Besonder interessante uitstalling van die jongste geografiese boeke en apparaat, gereël deur mnr. P. G. Jooste, het baje belangstelling geniet.

Die ernstige akademiese bedrywigkhede is afgewissel met verskeie onthale en die afgewaaldigdes het die voldag-ekskursie deur die mooiste dele van die Boland terdeë geniet.

Skenkking van waardevolle Fotografiese Materiaal


Die Departement van Beeldende Kunste van die Universiteit van Stellenbosch bied vanaf Julie 1964 Fotografie as vak aan. Dit is die eerste keer dat 'n kursus in Fotografie aan 'n universiteit in ons land aangebied word. Die kursus strek oor vier jaar en vorm 'n belangrike onderafdeling van die B.A.- en Diplomakursusse in Beeldende Kunste en word behartig deur mej. Alice Mertens.

Dié nuwe vakrigting aan die Universiteit is sterk bevoordeel deurdat drie firmas waardevolle skenkings van fotografiese materiaal gedoen het. Die firma Agfa het onder andere 'n vergrotingsapparaat en ander ontwikkelingsapparaat ter waarde van R400 geskenk. Die firma Zeiss (Optical Instruments) se skenkking ter waarde van R900 sluit 'n groot kamera en ander fotografiese materiaal in. Die grootste skenkking ter waarde van R1,500 is van die firma Kodak Bpk. ontvang. Dit sluit o.a. in 'n vergrotingsapparaat, 'n groot kamera en 'n verskeidenheid toestelle wat vir die ontwikkeling van films van belang is. Mn. D. R. Fisher, Hoofbestuurder van Kodak Bpk, het op Dinsdag, 21 Julie, die Universiteit besoek om die apparaate wat deur sy maatskappy geskenk is, aan die Departement van Beeldende Kunste te oorhandig. Hy was vergesel van mnr. Roger-Smith, 'n oud-student van Stellenbosch, wat nou 'n betrekking by Kodak Bpk. beklee. Hulle het die Departement saam met die Rektor, prof. H. B. Thom, besigtig en was besonder beïndruk deur die kursus in Fotografie.

Benewens Fotografie vorm Toegepaste Grafiese Kuns en Tekstielontwerp nou reeds deel van die algemene Kunskursus. Die Departement hoop om binne afsienbare tyd ook die volgende afdelings aan te bied:

- (a) Ontwerp en vervaardiging van goud- en silwerware, juweliersware en eetgerei.
- (b) Ontwerp in wolstowwe.
- (c) Tekstiel-ingenieurswese.
- (d) Industriële Ontwerpkuens.

Mnr. D. R. Fisher, Hoofbestuurder van Kodak Bpk. (links), die Rektor, prof. H. B. Thom en prof. O. Schröder (regs) by die vergrotingsapparaat wat deel uitgemaak het van mnr. Fisher se firma se skenkking aan die Fotografie-afdeling van die Departement van Beeldende Kunste.





Groepfoto geneem by geleenthed van die opknappingskursus vir Maatskaplike werkers. Voor sit v.l.n.r.: Dr. J. van der Merwe (Dosent, Huguenote-Kollege, Wellington), mev. (ds.) Muller (Stellenbosch), mej. E. Teubes (Minnie Hofmeyrskool, Worcester), mev. Z. Droskie (Vereniging vir Bejaardesorg, Kaapstad), mej. A. Muller (lektrise in Maatskaplike Werk, U.S.), dr. A. A. Stulting (Direkteur, Nas. Raad vir Kindersorg), prof. E. Theron (hoogleraar in Maatskaplike Werk, U.S.), dr. L. Strating (dosent in Maatskaplike Werk, U.P.), prof. J. Pieterse (hoogleraar in Maatskaplike Werk, U.P.), dr. H. Lambrechts (Sekr. A.C.V.V.-Hoofbestuur), dr. Jan de Villiers (senior lektor in Maatskaplike Werk, U.S.).

(Foto: Edrich)

Opknappingskursus vir Maatskaplike Workers(sters)

Vanaf 20 tot 22 Julie 1964 het die afdeling Maatskaplike Werk van die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk 'n opknappingskursus aangebied vir praktiserende maatskaplike werkers. Dit was die eerste byeenkoms van hierdie aard wat deur die Departement onderneem is en dit het dan ook sodanige belangstelling gewek dat 66 inskrywings ontvang is. Verreweg die meeste kursusgangers was oud-Maties — sommige het selfs van die Transvaal en die Vrystaat gekom.

Die kursus het die vorm aangeneem van vier verskillende seminare, t.w. *Die Probleemgesin* (o.l.v. dr. L. Strating van die Universiteit van Pretoria); *Groepwerk as Metode in Maatskaplike Werk* (o.l.v. prof. J. Pieterse van die Universiteit van Pretoria); *Welsynswerk met die Kleurling* (o.l.v. prof. E. Theron van die Universiteit van Stellenbosch) en *Gemeenskapsorganisasie* (o.l.v. dr. A. Stulting, Direkteur van die S.A. Nasionale Raad vir Kindersorg). Deeglike voorbereiding aan die hand van voorgeskrewe vak-literatuur het daar toe bygedra dat die besprekings deurgaans stimulerend was.

Die harde werk is afgewissel met twee gesellige funksies: 'n noenmaal by die Hotel Lanzarac, waar o.a. die besprekingsleiers en die hoofde van welsynsinstansies die gaste van die Rektor en mev. H. B. Thom was, en 'n skemerkelkie in die stadshuis waar die kursusgangers onthaal is deur die agbare Bnr gemeester en mev. Dempsey.

Aan die einde van die drie-daagse verrigtings kon al die deelnemers getuig dat dit 'n geslaagde onderneming en 'n verrykende ondervinding was.



Lionel Bowman ontvang Ere-toekenning

Mnr. Lionel Bowman, bekende Suid-Afrikaanse pianis en senior lektor in Klavier aan die Konservatorium vir Musiek van die Universiteit van Stellenbosch, is benoem tot Fellow of the Royal Academy of Music, Londen. Hierdie ere-toekenning is die hoogste onderskeiding wat deur die Royal Academy aan oud-studente gegee word, ter erkenning van uitstaande prestasies op die gebied van die musiek. Die aantal persone aan wie dit toegeken word is beperk tot 100 mans en 50 dames. Die Associateship of the Royal Academy of Music (A.R.A.M.) is reeds jare gelede aan mnr. Bowman toegeken.

Nadat hy die oorsese studiebeurs van die Universiteit van Suid-Afrika verwerf het, het mnr. Bowman van 1937-40 aan die Royal Academy of Music in Londen gestudeer. Tydens sy studiejare aan die Academy het hy die volgende pryse verower: Die Matthew Philiimore-prys vir virtuose klavierspel, die Roller Gedenkprys vir Beethoveninterpretasie en die Chappell Goue Medalje vir die beste klavierstudent van die jaar.


Ná 'n suksesvolle loopbaan as konsertpianis oorsee, het mnr. Bowman in 1958 na Suid-Afrika teruggekeer en hom op Stellenbosch gevestig, waar hy as hoofdosent in Klavier aan die Konservatorium vir Musiek werkzaam is.

Triomf vir Prof. Engelen as Regisseur en Toneelspeler

Gedurende die wintervakansie het prof. A. P. F. L. Engelen, hoof van die Departement van Drama, „The Merchant of Venice“ vir die SUKOVS in medewerking met die Welkomse Amateur-Dramavereniging opgevoer. Dit was 'n ware triomf vir prof. Engelen wat die moeilike dubbele rol van regisseur en hoofspeler moes behartig. Volgens Vrystaatse koerante was prof. Engelen se vertolking van die Jood Shylock uiters geslaagd.

„The Merchant of Venice“ was die derde en laaste Shakespeare-opvoering gedurende die Vrystaatse Shakespeare-fees. Die ander twee is deur buitelandse toneelspelers, die Cambridge-Players, aangebied. Die kritici was dit egter eens dat prof. Engelen se opvoering dié van die Cambridge-Players in alle opsigte oorskadu het.

Matielaud wil prof. Engelen van harte gelukwens met hierdie prestasie en die vertroue uitspreek dat ons hier plausiek ook nog die voorreg sal kry om hom in Shakespeare te sien.




Eerste Navorsingsprojekte by die Kerninstituut

Professore en doktorstudente van die Departement van Fisika van die Universiteit van Stellenbosch is tans besig met die eerste navorsingsprojekte wat deur hierdie Departement by die Kerninstituut aangepak word. Die een projek is daarop gemik om inligting in te win oor die wyse waarop kernreaksies verloop, en word onderneem deur prof. M. A. Meyer en twee doktorstudente. 'n Tweede projek beoog 'n studie van die alpha-gamma reaksie en word ook deur prof. Meyer en twee doktorstudente in samewerking met dre. Van Heerden en McMurray van die Kerninstituut onderneem. 'n Derde projek waaraan prof. P. B. Zeeman, 'n doktorstudent en dr. Peisach van die Kerninstituut deelneem, ondersoek die neutronaktivering.

Elke universiteitsdepartement moet sy eie spesiale kernfisiese apparaat ontwerp en bou vir die projekte wat hy wil aanpak. Die apparaat wat u hieronder sien, staan bekend as die *verstrooiingskamer*. Binne-in die verstrooiingskamer word 'n dun plaatjie, die sogenaamde skyf, geplaas waarop sekere kerne neerslaan. Hierdie kerne word beskiet deur vinnige deeltjies wat vau die versneller afkomstig is. Sekere eienskappe van die strale wat die kerne wat getref word, uitstraal, word gebruik om inligting in te win oor die wyse waarop kernreaksies verloop. Al die onderdele van die verstrooiingskamer, behalwe die halwe sfeer, is in die werkinkel van die Departement van Fisika ontwerp en gebou. Op die foto verskyn die twee hoogleraars op wie se inisiatief die projekte aangepak word, nl. prof. P. B. Zeeman (links) en prof. M. A. Meyer.

(Foto: Edrich)





Die hoogtepunt van die reünie-verrigtings was die oorhandiging van die sleutel van die nuwe koshuis aan die huidige inwoners. Die Vise-Kanselier, ds. J. S. Gericke (middel), het die sleutel namens die Universiteit aan dr. Danie Craven (links) as voorsitter van die Herboukomitee oorhandig. Dr. Craven het dit weer aan die Primarius, Dawid Prins (regs) toevertrou.

(Foto: Johan Stander)

Oud-Wilgenhoffers in hul skik

Van oor die hele Republiek het ons gekom, sowat 160 van ons, om die nuwe Wilgenhof te sien en namens die ou manne in ontvangs te neem. Hierdie belangrike mylpaal in die geskiedenis van ons ou koshuis wou ons vir g'n geld mis nie. Baie van ons het die herboude Bekfluitjie hierdie naweek vir die eerste keer gesien. En wat is ons ge- waarwordings by die aanskou van die plek? Dankbaarheid en trots. Trots op die pragtige, ja selfs deftige gebou, gekenmerk deur eenvoud van vorm en lyn — soos ons hom graag wou sien. Die ou Wilgenhof kon nie meer suksesvol herbou gewees het nie — ongetwyfeld vandag die mooiste koshuis in die Eikestad.

Maar veral dankbaar. Dankbaar teenoor almal wat daartoe bygedra het om die ou Wilgenhof in die nuwe te laat herleef — hulle wat die hand diep in die sak gesteek het, die argitek, die bouer, die Administrasie van die Universiteit, die Herboukomitee, die huidige inwoners. Dis kompleet asof ons nog in die ou plek beweeg — hy staan immers op dieselfde plek, net so skeef soos altyd, dieselfde vorm, die kwod, die grasperk, die gemeenskaplike badkamers, die trappe en balkonne... En dieselfde atmosfeer van kameraadskap en e!keen-ken-vir-almal heers nog hier. Wat nuut is, is verbeterings — die pragtige eetkamer en die nuwe „common room”. Een en almal van ons verlang opnuut om weer Wilgenhoffers in die nuwe Wilgenhof te wees.

Ons is ook innig dankbaar vir die behoud van die ou „Batchelors” en die versekering dat dit gerestoureer sal word. Ons gaan terug met 'n geruste gemoed, tevreden met wat ons gesien het. Ons voel oortuig dat die nuwe Wilgenhof dieselfde vormende, verrykende invloed op ons seuns sal hê as die oue op ons gehad het. En al pas die woorde nie meer in alle opsigte nie, sing ons nog uit volle bors:

O Wilgenhof met jou warm showers,
As die Suid-oos jou net nie om sal waai,
Dan kom ek weer jou worsies eet,
En Doll Dear speel op jou Bekfluitjie.

OUD-WILGENHOFER

AS DIT 'N BOEK IS—ONS HET DIT

Die keur in die volgende afdelings:

Novelles en Romans	Woordeboeke	Boerdery
Kortverhale en Sketse	Godsdienst	Wetenskap en Stokperdjies
Essays	Lewenskuns	Musiek
Kinderboeke en Jeugboeke	Maatskaplike Sake	Sport
Drama en Poësie	Klere en Voorkoms	Reisbeskrywings
Bloemlesings	Gesondheid	Geskiedenis
Letterkundige Kritiek	Voedsel en Drank	Biografie
Taalsake	Blomme	Naslaanwerke

NASIONALE BOEKHANDEL BETEKEN LEESWAARDE!

NASIONALE BOEKHANDEL

Wandelgang,
Groote Kerk,
Posbus 2063,
Kaapstad.

Escom-Sentrum,
Wolmaransstraat,
Posbus 9898,
Johannesburg.

Henrystraat 64 en
Maitlandstraat 53
Posbus 1058,
Bloemfontein.

h/v Princess- en
Cawoodstraat,
Posbus 95,
Port Elizabeth.

Voortrekkerweg 386,
Posbus 119,
Parow.

DIE STELLENBOSSCHE DISTRIKS BANK BEPERK

Stellenbosch en omgewing se eie

DISTRIKS BANK

Die enigste in die

REPUBLIEK

U navrae en 'n besoek word verwelkom

ook te

KUILSRIVIER EN KRAAIFONTEIN

VOORSKOTTE LENINGSKREDIET PERSONLIKE LENINGS VIR AL U KORTTERMYN BEHOEFTES.

Die aankoop van aandele, duursame artikels, 'n nuwe praktyk, mediese onkoste, reis- en vakansieuitgawes, konsolidasie van skulde en vele meer.

BEDRAG:	Geen beperking
RENTEKOERS:	Kompeterend
TERUGBETALING:	Op aanvraag of maandeliks tot 4 jaar
METODE:	Kontant, thek of per aftrekorder
SEKURITEIT:	Vaste eiendom, polisse, bemarkbare aandele en effekte, erflatings of ander gewaarborgde toevallings en borge.


KONSOLIDEER U SAKE ONDER
EEN DAK

Verbande • Beleggings • Inkomstebelasting-advies • Administrasie van kliënte se sake • Beplanning van persoonlike sake • Veilings en Vendusies • Veilige bewaring van dokumente • Sekretariële dienste • Koop en verkoop van eiendomme • Versekering — brand, storm, ongevalle, inbraak, diefstal, sceversekering, ens.


Sedert 1918 onderneem Santam hierdie dienste—

s a n t a m

*Suid-Afrikaanse Nasionale Trust-
en Assuransiemaatskappy Beperk
Geregistreerde Depositonemende Instelling.*



Hoëtemperatuur-navorsing



Die normale temperatuur van die menslike liggaam word binne nou perke konstant gehou ($97.2-99.5^{\circ}\text{ F}$). 'n Toename in temperatuur bo die normale boonste perk gaan gepaard met ongerief en buitengewone sweetafskieding — sg. koers. Min mense is bewus daarvan dat indien die liggaamstemperatuur 'n bepaalde perk oorskry, daar permanente beskadiging van weefsels in die liggaam kan intree. So 'n verhoging van liggaamstemperatuur word soms ondervind as gevolg van 'n versturing van die temperatuurreguleringsentrum wat in die harsings geleë is. Onder normale omstandighede reguleer hierdie sentrum die liggaamstemperatuur, deurdat dit noukeurig 'n ewewig in stand hou tussen hitteproduksie en hitteverlies. Sodanige regulering geld veral vir die prosesse waardeur hitteverlies uit die liggaam bewerkstellig word. Indien ondoeltreffende hitteverlies by 'n persoon voorkom, soos byvoorbeeld tydens besonder harde spierarbeid of wanneer hy onder toestande werk waar die omgewingstemperatuur nie alleen hoog is nie maar die lug ook baie vogtig, soos byvoorbeeld in 'n diep myn, ontstaan 'n toestand bekend as hitteberoerte. Tydens hierdie siektetoestand is hitteverlies deur uitstraling, geleiding en verdamping langs die vel, van-

Links:

Die verskillende weefselsoorte wat buite die liggaam vir hitte-navorsing gebruik word, is veral die harsings, lever, nier, hart en skeletspier, en die betrokke orgaan word onmiddellik, nadat die proefdier (witrot) onthoof is, uit die liggaam verwyder, anders tree beskadiging in weens suurstofgebrek. Die spesifieke orgaan word dan dadelik uitgeslag en afgekoel tot 'n temperatuur tussen 0 en 4°C. Tussen hierdie temperatuurperke is die metaboliese reaksies van selle sodanig onderdruk dat geen noemenswaardige beskadiging intree nie. Op die mee-gaande foto word die hart van die proefdier verwyder.

Links onder:

Alvorens die metaboliese prosesse in die weefsels buite die liggaam met die Warburg-metode bestudeer kan word, word baie dun skyfies van die weefsel gesny. In sulke skyfies sal al die selle in staat wees om suurstof en voedsel uit die vloeistofmedium van die Warburg-flessie te bekom en afvalprodukte aan die medium af te gee. Die foto toon hoe weef-selskyfies van 0.5 mm. dikte met die Stadie-Riggs-mikrotoom vir eksperimentele doeleindes voorberei word.

in die Departement van Fisiologie

D R . F . J . B U R G E R

weë die hoë omgewingstemperatuur en veral die hoë humiditeit, belemmer, en gevoglik styg die liggaamstemperatuur heelwat bo die normale boonste perk en kan dit soms selfs noodlottige gevölge hê. Só 'n toestand mag ook voorkom indien 'n persoon vir 'n lang tyd aan direkte sonstrale blootgestel word, sg. sonsteek.

Alhoewel 'n verskeidenheid teorieë opgestel is, ter verklaring van die spesifieke meganisme(s) waardeur weefselbeskadiging en uiteindelike dood tydens hitteberoerte bewerkstellig word, is 'n bevredigende beeld van die toestand nog nie gevind nie. Die rede hiervoor moet hoofsaaklik gesoek word in die feit dat akute gevalle van hitteberoerte onmiddellike behandeling vereis anders verloop die siekte noodlottig. Navorsing op sulke pasiënte is dus buite die kwessie. Navorsers is dus aangewys op proefdiere om die probleem te ontrafel.

Die feit dat eensellige organismes gedood word deur bo-normale omgewingstemperature, wat ook vir die meeste soogdiere noodlottig is, dui daarop dat die primêre afwyking tydens hittebeskadiging in die individuele selle van meersellige diere gesoek moet word. Soogdiere bestaan uit verskillende tipes van selle, wat nie almal ewe


gevoelig is vir hitte nie en gevoglik sal sommige soorte selle by blootstelling van die dier aan 'n hoë omgewingstemperatuur, voor die ander sterf. Sulke selle stel dan giftige stowwe vry wat weer 'n nadelige uitwerking op die ander minder hittegevoelige selle het. Hierdie feit bring mee dat dit onmoontlik is om vas te stel watter selsoorte primêr deur óf hitte óf die toksiese stowwe in die liggaam beskadig is. Met navorsing oor hierdie saak is dit dus noodsaaklik dat die hitte-gevoeligheid van spesifieke selsoorte afsonderlik bestudeer word. Die ondersoek van sel-aktiwiteit buite die liggaam bring egter sekere besondere probleme mee. Sulke selle moet o.a. dadelik, ná verwydering uit die liggaam, in 'n vloeistofmedium geplaas word wat ongeveer dieselfde samestelling het as bloed, en suurstof moet gedurig voorsien word. Die weefsel moet ook in dun skyfies gesny word sodat dit maklik suurstof en voedingstowwe kan opneem en afvalprodukte kan afwerp. Studiemetodes vir die ondersoek van selle op hierdie manier is reeds deur Warburg en Krebs volledig uitgewerk.

In die huidige navorsingsprojek word die invloed van bo-normale temperature op die aktiwiteit van verskillende selsoorte bestudeer. Verskil-

lende metodes word gebruik om 'n noukeurige aanduiding van die hittegevoeligheid van die selle te verkry, o.a.:

- (a) Die snelheid waarteen sulke selle suurstof opneem word met behulp van die Warburg-apparaat gemeet.
- (b) Die deurlaatbaarheid van die selmembrane vir katione word gemeet.
- (c) Die produkte van selaktiwiteit wat in die vloeistofmedium vrygestel word, word chemies bepaal.


Met hierdie navorsing hoop ons om die werklike meganisme van die dood tydens hitteberoerte te ontrafel. Dit sal meebring dat die regte geneesmiddels ontwikkel en beskikbaar gestel en die regte geneeskundige behandeling gegee kan word.




Die snelheid waarteen suurstof deur bepaalde liggaamselle verbruik word, is direk eweredig met hulle funksionele aktiwiteit. Enige faktor wat die funksie van die sel nadelig tref, sal dus noodwendig 'n afname van die suurstofverbruik meebring. Hierdie feit leen hom dus uitmuntend daartoe om die hittegevoeligheid van bepaalde selsoorte by bo-normale temperature noukeurig te bestudeer. Die weefselskyfies word hierna in Warburg-flessies in 'n geskikte vloeistofmedium geplaas en hulle suurstofopname bepaal by normale temperatuur sowel as by bo-normale temperatuur. Mej. Elma Erasmus (navorsingsassisteente) is hier besig om 'n reeks lesings te neem met die Warburgapparaat. Op die foto kan die flessies wat die skyfies bevat in die waterbad gesien word.

Die instandhouding van die selmembraan in 'n fisiologiese normale toestand, veral met betrekking tot sy differensiele deurlaatbaarheid, is lewensnoodsaaklik vir die sel. Beskadiging van die selmembraan sal meebring dat die fisiologiese balans tussen die sel en sy onmiddellike omgewing versteur word en dit kan vir die sel noodlottig wees. Sekere stowwe soos bv. kalium, word binnekant die lewende sel gekonsentreer. Verlies hiervan uit die selprotoplasma sou dus dus op selmembraan-beskadiging. Radioaktiewe materiaal word hedendaags algemeen in die wetenskap vir eksperimentele doeleindes gebruik. In die huidige projek is die intra-sellulére fase van die spesifieke weefselsoort met radioaktiewe kalium belaai en die uitlekkiug daarvan in die omringende vloeistofmedium by bo-normale temperature, word met behulp van 'n sintillasie-teller gemeet. Op die meegaande foto plaas dr. F. J. Burger (lektor in Fisiologie, onder wie se leiding hierdie navorsing gedoen word) 'n monster in die sintillasieteller.

(Foto's. Christo S. Botha)



Die vloeistofmedium waarin die weefselskyfies in die Warburg-flessies geplaas word, moet ook vanselfsprekend voedingstowwe (substrate) bevat, waarmee die selle hulle metabolismiese aktiwiteit kan onderhou. Hierdie substrate mag óf aminosure óf koolhidrate óf vetmateriaal wees, óf 'n mengsel van aldrie. Elke substraat word in die sel deur 'n hele reeks van chemiese reaksies met behulp van ensieme gekataliseer en omgebou tot intermediére produkte (tussenprodukte). Indien bo-normale temperature enigeen van die ensieme, wat 'n bepaalde stap in die kettingreaksies kataliseer, beskadig, sou dit 'n blokking veroorsaak op 'n bepaalde plek in die ketting en gevvolglik sal 'n spesifieke intermediére produk in die vloeistofmedium op-hoop. Ná blootstelling van die weefselskyfies in die vloeistofmedium met die spesifieke substraat aan bo-normale temperature, word dié konsentrasies van verskillende tussenprodukte bepaal om vas te stel of „blokking“ van die metabolismiese pad ingetree het. Die konsentrasie van bepaalde tussenprodukte kan kwantitatief bepaal word deur chemiese reaksies waarby 'n spesifieke kleur ontwikkel. Die intensiteit van sodanige kleur word dan in 'n spektrofotometer gemeet. Op hierdie foto is mnr. L. R. Smit (navorsingsassistent) besig om 'n reeks lesings met die spektrofotometer te neem.



Stellenbosch hou Kunsfees

'N WAARDERING DEUR FRED STIGLINGH

„Die Stellenbosse Kunsfees kan 'n belangrike datum word op die kalender van internasionale musiekgebeure.” So skryf die kunskritikus van The Cape Argus. Vir 'n persoon wat nie die verrigtings bygewoon het nie, klink hierdie stelling miskien te vlyend, maar vir diegene wat die voorreg gehad het om die Kunsfees te beleef, sal so 'n opmerking nie vreemd voorkom nie.

Al om die derde jaar in die lente hou Stellenbosch 10 dae lank Kunsfees. 'n Muiekprogram en/of 'n toneelopvoering elke aand, kunsuitstallings, voorlesings en etensuuruitvoerings — dit is 'n ware Fees van die Kunste, 'n fees vir die oog en die oor, 'n belewenis wat die gees vernuwe en verryk. Die Kunsfees is 'n onderneming wat deur die hele gemeenskap van Stellenbosch gedra word. Hier werk die Universiteit nou saam met die Munisipaliteit; die publiek en die studente word as 't ware saamgesnoer in hulle gemeenskaplike liefde vir die kuns.

Wat het 1964 se Kunsfees van die voriges onderskei? Vanjaar is baie meer van plaaslike en Suid-Afrikaanse talent gebruik gemaak as in die verlede. En tog het die entoesiasme weer hoog geloop en die sale was stampvol. Dit was 'n triomf vir ons eie skeppende en vertolkende kunstenaars.

Die aandprogramme is op paslike wyse ingelui deur die alombekende en tradisionele Sangfees — die studente se bydrae tot die Kunsfees. Die Sangfees bied 'n geleentheid

Die Kunsfeeskomitee.

Voor v.l.n.r.: Mej. J. Maartens, prof. G. G. Cillié, mej. C. M. Williams, mnr. R. H. Behrens (Voors.), mev. H. Cillié, mnr. C. K. Johnman, mev. K. Smuts. Agter v.l.n.r.: Prof. A. P. F. L. Engelen, mnr. P. McLachlan, mnr. C. Swanepoel, mnr. C. Heys, mnr. E. Swart en mnr. E. A. Blommaert. Afwesig: Prof. O. Schröder, mnr. F. de Wet en mnr. F. J. Stiglingh.

(Foto: Edrich)



vir geesdriftige en verfynde feestelikheid. Die doel daarvan is om soveel studente as moontlik — nie net die begaafdes nie — die geleentheid te gee om saam te sing en om self hulle kore te organiseer en af te rig. In die lig hiervan sal almal saamstem dat vanjaar weer 'n hoë standaard gehandhaaf is. Ek glo dat die Sangfees ons almal, met 'n tikkie heimwee, na ons jeug en ons studentejare teruggevoer het.

Ek is daarvan oortuig dat daar nie baie kunstenaars in Europa of elders is wat die Goldberg-variasies van J. S. Bach op die klavesimbal met so 'n suwer en fyn aanvoeling kan vertolk soos ons eie Hubert du Plessis nie. Voeg daarby sy innemende en informele manier om die musiek aan sy gehoor te verduidelik in die atmosfeer van die mooi gerestoureerde Kerkhuis, en u het al die nodige bestanddele vir 'n hoogs genotvolle aand. As die Pierre de Groote-ensemble, bestaande uit homself en sy drie seuns van 17, 14 en 11 jaar, in enige Europese stad Mozart, Beethoven en Haydn so gespeel het soos hier in ons Konservatoriumsaal, sou hulle seer sekerlik oppraak verwek het. Dit was nie net jeugdige virtuositeit wat 'n mens getref het nie; veel eerder was dit die musicaliteit en begrip waarmee die werke vertolk is. Dit is óók plaaslike talent.

Dan is daar ons eie en geliefde Universiteitskoor o.l.v. Philip McLachlan wat op een of ander wonderbaarlike wyse altyd iets nuuts het om aan te bied. Min mense besef werkelik hoe hard daar geoefen moet word en hoeveel opofferinge gevrig word gedurende die maande wat so 'n uitvoering voorafgaan. Die program het uitsluitlik uit gewyde musiek bestaan. Te swaar, klink dit, maar die twee uur het soos 'n droom verbygevlieg. Onder andere is die Missa Brevis in D van W. A. Mozart saam met 'n strykorkes en soliste uitgevoer. Dit was weer 'n belewenis wat lank in die herinnering sal bly. En al die koorlede, orkeslede en soliste was Stellenbossers!

Stellenbosch het nog 'n koor ryker geword, nl. Boudewijn Scholten, dosent aan die Konservatorium, se Kamerkoor. Met 'n puik uitvoering in die Konservatorium-saal het hierdie koor met sy hoë standaard diegene wat hulle die eerste maal gehoor het, verras. Van hulle gaan ons nog baie hoor in die toekoms.

Nog 'n aanbieding van hoogstaande gehalte was ons eie kunstenaars se artistieke vertolking van Pirandello se toneel „Die Lewe wat ek jou gegee het“. Die stuk is vertaal deur dr. Con de Villiers en deur die Departement van Drama aangebied onder spelleiding van prof. Fred Engelen. Dit was voorwaar 'n briljante ingewing van prof. Engelen om Anna Neethling-Pohl te vra om as gasspeelster op te tree. Die „dame“ van

die Afrikaanse Toneel het saam met Tine Balder luister en gracie aan die opvoering verleen.

Verder het die Fees hom van die voriges onderskei in dié sin dat twee persone wat vir Stellenbosch op Kuns- en Kultuurgebied oneindig veel beteken het, t.w. prof. Con de Villiers en mej. Joan van Niekerk, paslik gehuldig is. Hierdie twee persone se reusebydrae tot die uitbouing van die kultuurlewe op Stellenbosch kan nouliks oorbeklemtoon word.

Afgesien van Stellenbosse talent het daar ook 'n paar bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars opgetree. Joyce Barker met haar suwer dramatiese sopraanstem en imponerende verhoogpersoonlikheid het saam met die Kaapstadse Stadsorkes opgetree; David Poole en die goed gekostumeerde Ballet-groep van die Universiteit Kaapstad het *Die Slapende Prinses* uitstekend vertolk, terwyl die Kathleen Alister Trio van Johannesburg verder luister aan die fees verleen het. Kathleen Alister met haar pragtige harp, antieke geelkoper musiekstaander, outydse stoeltjie; en haar besondere rok en haarstyl het 'n prentjie uit 'n ander tydperk voor die gees geroep, en 'n mens na die atmosfeer van die 18de eeuse musieksalons teruggevoer.

Die „ingevoerde talent“ was van die hoogste gehalte. Edith Peinemann, die begaafde, jong en aantreklike Duitse violiste het, veral in die tweede helfte van haar program, bewys gelewer van haar kunstenaarstalent. Haar vertolking van Niemand van Ernest Bloch was aangrypend.

Myns insiens was die uitvoering van die Beaux Arts Trio die hoogtepunt van die Kunsfees. Hulle samespel was perfek en die standaard van hulle spel as 'n trio byna onverbeterlik. Meer as een musiekkenner het opgemerk dat dit een van hul roerendste ondervindings op musiekgebied was.

Daar was verskillende uitstallings: akwarelle van Adolf Jentsch; skilderye deur Maggie Laubser; 'n Shakespeare-fotoversameling; foto's van Kaaps-Hollandse geboue in die Departement Beeldende Kunste, en 'n besonder interessante uitstalling van ou en moderne woonkultuur. Die uitstallings het 'n goeie verskeidenheid aangebied en is 'n afdeling van die Kunsfees wat nog baie uitgebrei kan word.

Almal sal seker met my saamstem dat hierdie gesamentlike poging van die hele gemeenskap van Stellenbosch weer eens hoë lof verdien. Die Kunsfees-komitee moet van harte gelukgewens word. Veral mn. Richard Behrens, voorsitter van die Komitee, verdien besondere vermelding vir sy onvermoeide ywer en puik organisasie waarsonder die reëlings beslis nie so vlot sou verloop het en die Fees nie so 'n groot sukses sou gewees het nie.



(Foto: Christo S. Botha)

Die ou Hoofgebou — waardige simbool van ons Universiteit

Die Ou Hoofgebou het reeds, meer as enigiets anders, die simbool van die Universiteit van Stellenbosch geword. Dit is sekerlik gepas dat dit so is, want dit is die eerste gebou wat doelbewus opgerig is om doeltreffende huisvesting vir die Stellenbosch-Kollege te gee, en het in sy tagtigjarige bestaan al 'n groot verskeidenheid vakke uit verskillende Fakulteit gehuisves, baie waarvan mettertyd na ruimer akkommodasie elders verskuif het. Die jongste voorbeeld is dié van die Departement van Beeldende Kunste wat in 1963 in die onderste saal van die Ou Hoofgebou begin is, maar vanjaar na die ou Denneoord-koshuis het.


In verband met dié ou gebou skryf oud-magistraat R. F. Aling in die *Stellenbosse Oud-Student* van April 1931, in sy herinneringe van die jaar 1883: „Die klaskamers van die destydse Stellenbosse Kollege was oor die stad versprei... maar 'n gebou wat tot eer van die Akademiestad sou strek, was in aanbou”.

Enkele jare vantevore, in 1879, het Stellenbosch sy tweehonderdjarige bestaan feestelik gevier. By die geleentheid is daarvan gedink om 'n paslike monument vir die stigters van die dorp op te rig en daar is besluit om, in die woorde van prof. J. I. Marais, „een Kollege-gebou als monument daar te stellen, groot genoeg en ruim genoeg om die studenten te bevatten die by ons kwamen aankloppen”. Hierdie ideaal van prof. Marais, „groot genoeg en ruim genoeg”, het ons Universiteit selfs vandag nog nie volkome verwesenlik nie!

Die destydse regering was die onderneming goedgesind en het R6000 vir die doel gestem, mits die publiek op 'n rand-vir-rand-basis sou bydra. Die hele Stellenbosse



Soos op die foto op die teenblad blyk, sluit die nuwe deel in alle opsigte perfek by die ou deel aan. Dit geld ook vir die iugewikkeld pleisterversierings. Hierdie werk verg geduld, baie tyd en besondere vakmanskap. Aangesien baie min moderne geboue op hierdie wyse versier word, leef daar maar enkele vakmanne wat dié kuns nog verstaan. Mnr. Noah Salie is een van hulle. Hier is hy besig met opmetings vir die pleisterversiering aan een van die pilare.



Baie studente het in die Ou Hoofgebou klasgeloop sonder om hierdie merkwaardige gedenksteentjie teen die westemuur in die binneplein op te let. Die inskripsie lui: „In Loving Memory of Louis Barry and Frans Venter, students of this College, who died of fever, July 4th and July 12th 1899. Be Ye Also Ready. Erected by their Fellow Students and Friends”.

gemeenskap het meegewerk. Die hoeksteen is op 22 Desember 1880 gelê. Boumeester was die bejaarde Carl Otto Hager, wat toe reeds naam gemaak het as kerkbouer, o.a. van die vergrote Moederkerk in 1863.

Die bouery is egter baie vertraag deur gebrek aan fondse, en later is die gebou stuk-stuk in gebruik geneem. Op 6 November 1886 het die blye dag egter aangebreek: die gebou is feestelik ingewy by wyse van 'u plegtigheid in die kerk. Die aand was daar 'n konsert in die Kollegesaal. 'n Loeiende suidooster kon die geesdrif nie demp nie. Die gebou het R21,000 gekos, waarvan R9,000 as vrye gifte ingesamel is (R2,400 is deur die dames van Stellenbosch bygedra). Dit was 'n onderneming van die hele Stellenbosse gemeenskap.

Vir die eerste jare was die gebou die Kollege: al die vakke is daar gedoseer — Ou en Moderne Tale, Filosofie, Wiskunde, Fisika, Chemie en selfs Landbou. In later jare het ook nog baie ander vakke deur die gebou gegaan — o.a. Regte, Sielkunde, Sosiologie, Volkekunde, Geografie en Semitiese Tale.

Die Fakulteit van Regte, en die Departement Grieks, Latyn, Filosofie, Semitiese Tale, Bantotale, Volkekunde en Naturelle-Administrasie sal voortaan hier gehuisves wees. Hiervan is dit waarskynlik net die Klassieke Tale wat onafgebroke van die begin hier was.

As 'n mens die ou Kollege-verslae deurlees, sien jy hoe die ou gebou, wat eers alleen op die Kollege-plein gestaan het, geleidelik omring word met die geboue wat nou nog daar staan. Daarom lees ons dan op 'n dag nie meer van die *Kollege* nie, maar van die *Hoofgebou*. Dit is nou die sentrum van die akademiese lewe; verenings vergader hier en universiteitgesellighede word hier gehou. (Mev. (Prof.) Macdonald het die koffiekanne vir hierdie doel net oorkant die straat, in Macdonaldhuis, gehou.)

Geleidelik egter het die swaartepunt van die Universiteit ooswaarts oor Van Ryneveldstraat verskuif en die *Hoofgebou* van die Kollege het *Ou Hoofgebou* geword, soos dit vandag bekend staan. Met al hierdie ontwikkelinge het hy miskien so 'n bietjie verwaarloos en op die agtergrond geraak.

Die afgelope jaar het hy egter weer in die volle aandag gestaan. Nadat soveel nuwe vakrigtinge ontstaan het en in nuwe geboue gehuisves is, het die Universiteitsraad besluit om ook die

akkommodasie vir Lettere en Wysbegeerte te verbeter. Dit word op tweërlei wyse gedoen: 'n nuwe Letteregebou word tans opgerig regoor die Ou Hoofgebou op die terrein van Macdonaldhuis en die huis waar registrator D. J. Kriel jarelank gewoon het, en die Ou Hoofgebou self is vergroot en heeltemal gerestoureer. Die werk hieraan is reeds voltooi: die twee vleuels is verleng en agter met mekaar verbind.

Die houtbalkonne, wat weens blootstelling al gevaelik begin word het op sommige plekke, en die ysterpilare is met beton vervang. So het nou die mooiste en feitlik die enigste ongebroke akademiese binneplein op Stellenbosch ontstaan — waar studente nou rustig tussen klasse kan rondstaan.

Twee van die ysterpilare het 'n nuwe gebruik gekry aan die straatkant van die gebou: die skynwerpers wat die gebou saans verlig is op hulle gemonteer.

Nuwe voorlesingkamers en dosente-kantore is ingerig; die ou deel is gerestoureer; die twee groot sale word verbeter. Die ou gebou kry heeltemal 'n nuwe lewe; moderne hulpmiddels word ingevoer, o.a. drie klankdigte kamers vir oudiële werk in Bantotale. Die ou atmosfeer gaan egter nie verlore nie. Alles getuig nog van die rustiger dae van die neëntiende eeu: die houtwerk, die hoë plafonne, die sierlike lyste en die mooi gevwel. Die ou banke in die klaskamers is miskien die mees sprekende getuies van vervloë jare. In 'n haastige deurkyk het ek o.a. die volgende name daarop uitgesny gesien: D. F. Malan 1900, T. B. Muller, I. de V. Malherbe 1907, R. W. Wilcocks (onder 'n lys van neëntien name van Junior B.A. 1911), P. S. Z. Coetzee, M. S. Louw, A. C. Stegmann. Ook die binneplein bevat nog twee monumentjies — 'n marmerplaat ter herdenking van Louis Barry en Frans Venter, twee studente wat in 1899 oorlede is, en 'n fonteintjie wat nou pragtig herstel is. Daarop pryk die volgende opskrif:

„Presented by the Stellenbosch College Cadet Corps — winners of the Government Challenge Cup — 1885.”

Buite is alle nuwe werk noukeurig in dieselfde styl as die ou gebou gedoen, sodat die lyne van die nuwe deel volmaak by die oue aanpas. Al die karakter en sierlikheid is dus behou, sodat die ou gebou vandag in sy vergrote en gerestoureerde voorkoms, meer as ooit miskien, 'n sieraad is vir ons Akademiestad.

Die Administrasie van die Universiteit


Die administrasie is dié deel van die universiteitsorganisasie wat na buite die minste bekend is; dit is werk wat in stilte agter die skerms gedoen word. Tog is dit so omvattend dat 'n paardaagse besoek nodig is om 'n duidelike beeld daarvan te kry, en so belangrik dat dit so 'n besoek regverdig.


Die rekenmeestersafdeling ontvang alle gelde (studentegelde, skenkings, staatstoelaes, beurse, ens.) en maak alle uitbetalings (salarisse en lone, voorrade vir koshuise en departemente, sport, lenings, beurse, boubedrywighede, beleggings, ens.). Die beraamde lopende uitgawes vir 1965 bedra meer as R3,200,000. Dit sluit nie die uitgawes ten opsigte van boubedrywighede en koshuise in nie. Die losiesafdeling behartig die huisvesting van meer as 3,000 studente in 17 Universiteitskoshuise, en goedgekeurde private losieshuise. Ander afdelings hanteer die registrasie en inskrywing van alle studente, inskrywings vir eksamens, toekenning van beurse en lenings, versorging en liassering van alle dokumente en korrespondensie, die opstelling van die hoofklasrooster en eksamenroosters, die versorging van eksamenvraestelle, rekordkaarte en studieraporte en die uitreiking van alle diplomas en sertifikate. Amptenare van die administratiewe personeel hou ook toesig oor, en gee raad in verband met die samestelling van kursusse en vakkeuse, en behartig die sekretariële werk van die 40-tal Raads- en Senaatskomitees, insluitende die Fakulteitsrade.

Onder die sentrale administrasie ressorteer verder die Universiteitsstoor wat alle inkope van koshuis- en departementele voorrade behartig; die bou-afdeling wat die bou

Die Administrasiegebou, senu-sentrum van die Universiteit. Die gebou is in 1932 in gebruik geneem maar moes sedertdien vergroot word om plek te maak vir die Senaatsaal en ruimer kantore, veral vir die Rektor en die Registrateur.

(Foto: Christo S. Botha)






Die horlosie wat die Registrateur, prof. dr. S. J. Pretorius, hier opwen, is in 1896 aan wyle prof. A. MacDonald geskenk deur sy studente en oud-studente. Hy was toe reeds 21 jaar lank professor op Stellenbosch. Enkele jare gelede het 'n familielid van prof. MacDonald die swaar marmer-horlosie aan die Universiteit geskenk, en sedertdien staan dit in die kantoor van die Registrateur.

(Foto. Christo S. Botha)

van nuwe geboue en nimmer-eindigende herstelwerk onderneem; die sportkantoor wat ontspanningsfasiliteite dwarsdeur die jaar vir duisende studente moet voorsien en organiseer, en 'n groot terrein wat voortdurend in stand gehou en verfraai moet word. Voeg hierby die honderd-en-een onvoorsiene sake en probleme wat daagliks opduik en aandag verg, en dit word duidelik dat die administrasie diep in die lewe van elke student ingryp; trouens, vanuit die administrasiekantoor word verseker dat elke student behoorlik gevwestig is en met vrug kan studeer. Die reggearde student leer dan ook die Administrasiegebou ken as die plek waarheen hy hom wend om advies en leiding.

Aan die hoof van hierdie uitgebreide administrasie staan die Registrateur. Toe die Universiteit in 1918 tot stand gekom het, het mor. D. J. Ackerman dié betrekking beklei. Met 'n personeel van drie — 'n boekhouer, 'n klerk en 'n tikster — het hy die administrasie van die Universiteit en die Hoër Jongenskool behartig. Sedertdien het die studentetal vermeerder van 550 tot meer as 5,700. Gepaardgaande hiermee het die administratiewe werk in omvang en verskeidenheid toegeneem, sodat die administratiewe personeel ook geleidelik aangegroeи het, vandaag tot ongeveer 50. Dit is die Registrateur se taak om die werksamebede van al die onderafdelings van die administrasie te beheer en te koördineer en toe te sien dat elke rat daarin effektiel funksioneer. Die polsslag van die universiteitslewe is in die Registrateurskantoor altyd duidelik voelbaar, want alles wat aan die universiteit gebeur, vind hier weerklank.

Vanaf 1956 rus hierdie veeleisende verantwoordelikheid op die skouers van prof. dr. S. J. Pretorius, en by dra dit met dieselfde oorgawe, onvermoeide ywer en bardnek-kige deursettingsvermoë wat hom as student, as dosent en as sportman gekenmerk het.



Die 75-jarige bestaan van die S.A. Rugbyraad is vanjaar op verskillende maniere feeslik herdenk. Matieland kan hierdie feesjaar nie laat verbygaan sonder om gewag te maak van Stellenbosch se groot bydrae tot bierdie roemryke rugbygeskiedenis nie. Ons doen dit nie om te spog nie, maar om ons studente en oud-studente aan te spoor om uog meer en groter bydraes te lewer; bowe al moet hulle nie vergeet nie, dat dit Stellenbosch se roeping is om nie slegs spelers nie, maar ook beampies vir ons spel te kweek.

Reeds vanaf die vroegste jare was Stellenbosch gelukkig om studente te hê wat die spel na die res van die land kon uitdra nadat hulle hier bydraes gelewer het wat vandag nog as fondamente vir die Klub dien. In 1891 speel Japie Louw byvoorbeeld vir Suid-Afrika; later word hy Suid-Afrikaanse keurder en President van die Transvaalse Rugbyunie. Hierdie oud-Maties het baie opvolgers gehad, te veel om op te noem. Dis egter van pas om die naam van Oubaas Mark te noem, wat spesiaal na Stellenbosch gekom het, omdat by besef het dat Stellenbosch Suid-Afrika kan dien op die gebied van rugby. Hy het geglo dat, as spelers hier reg geleer word, hulle die regte benadering tot die spel die land sal indra. Dat hy reg was en dat hy 'n tradisie daargestel het, blyk uit die feit dat orals waar die spel in ons land gespeel word, daar oud-Maties is wat iets daarmee te doen het. Die bydrae van hierdie oud-Maties tot die ontwikkeling van die spel, kan nooit gemeet word nie.

Stellenbosch was baie gelukkig om in dr. Danie Craven 'n waardige opvolger vir Oubaas Mark te kry. Met sy aansteeklike entoesiasme, onblusbare energie en werkrag, inisiatief en liefde vir die spel, verseker hy dat Stellenbosch ten opsigte van rugby altyd op die voorpunt bly en dat spelers en beampies die regte gesindheid teenoor die spel openbaar.

Dit is ook van pas dat ons die naam van Paul Roos noem wat baanbrekerswerk gedoen het as kaptein van die eerste Springbokspan om die vreemde aan te durf. Op daardie toer is 'n standaard gestel van spel en gedrag wat vandag nog dien as grondslag vir Suid-Afrikaanse rugby.

Baie Maties en oud-Maties het die groen en goud gedra, maar baie van bulle was ook Bestuurders van spanne, lede van Provinciale en Nasionale Keurkomitees, het as skeidsregters opgetree in provinsiale en internasionale wedstryde, het voorsitters geword van Klubs en Unies en het as onderwysers, skoolhoofde en inspekteurs die spel gepropageer en tot sy reg laat kom. Dit is onmoontlik om almal se name te noem, maar 'n poging word aangewend om in die Jaarverslag van die Klub al die oud-Maties wat in een of ander hoedanigheid presteer, te noem en om erkentlikheid teenoor hulle te bewys deur aan hulle die reg toe te sê om ons ere-klubwapen te dra. Die Markötterspan is nog 'n middel om oud-Maties die kans te gee om te wys waartoe hulle in staat is en om voeling met hulle Alma Mater te behou.

Onlangs is die Rugbybestuur se vertrek in die ou woonhuis van wyle mnr. Jannie Marais amptelik deur ons Rektor, prof. H. B. Thom, geopen. Vir die eerste keer in ons geskiedenis het ons nou 'n versameling van al die foto's van die 88 Springbokke,



Victoria College
1863 - 1918

Rugby vir Suid-Afrika

Stellenbosch Springbokke



Rugbyklub
1890 - 1918



Boonste ry, v.l.n.r.

J. McKendrick (v.) 1891; R. Shand (v.) 1891; J. S. Louw (v.) 1891; A. de Kock (vl.) 1891; H. van Broekhuizen (v.) 1896; P. de Waal (v.) 1896; D. J. Theunissen (v) 1896; P. O. Nel (v.) 1903; J. Anderson (v.) 1903; Steve Joubert (h.a. en vl.) 1906; Anton Stegman (vl.) 1906; Boy de Villiers (s.) 1906; Japie Krige (s.) 1903, 1906; Bob Loubser (vl.) 1903, 1906, 1910; Dietlef Maré (s.s. en v.) 1906; Henry Daneel (v.) 1906; D. J. (Koe) Brink (v.) 1906; Japie le Roux (vl.) 1906; Pietie le Roux (v.) 1906; Gideon Roos (v.) 1910.

Tweede ry, v.l.n.r.

Dirkie de Villiers (s.) 1910; Koot Reyneke (v.) 1910; Antonie Lombard (v.) 1910; R. Luyt (s.) 1910, 1912; Freddie Luyt (sk.) 1910, 1912; John Luyt (v.) 1912; Jan Stegmann (v.) 1912; Willie Krige (s.) 1912; Tom van Vuuren (v.) 1912; Jackie Tindall (l.s. en h.a.) 1921, 1924, 1928, 1931; Attie van Heerden (vl.—dubbel Springbok) 1921; Nic du Plessis (v.) 1921, 1924; Charlie Meyer (l.s. en s.) 1921; Sas de Kock (l.s. en s.) 1921, 1924; Mannetjies Michau (s.s.) 1921; Fien Olivier (v.) 1921; Teuns Kruger (v.) 1921, 1924; Tokkie Scholtz (v.) 1921; Champion Myburgh (s.s.) 1924.

Derde ry, v.l.n.r.

Pally Truter (s.s.) 1924; Dauncie Divine (s.s.) 1924, 1928; Nico Bosman (h.a.) 1924; Kenny Starke (vl.) 1924; Paul la Grange (v.) 1924; George Daneel (v.) 1928, 1931; Boet Prinsloo (vl.) 1928; S. P. van Wyk (v.) 1928; P. K. Morkel (vl.) 1928; Manus de Jongh (vl.) 1928; A. F. du Toit (v.) 1928; J. C. v. d. Westhuizen (s.) 1928, 1931; Ponie v. d. Westhuizen (vl. en s.) 1931; André McDonald (v.) 1931; Ferdie Berg (v.) 1931, 1933, 1937, 1938; Koffie Hofmeyr (s.) 1937; Flappie Lochner (s.) 1937, 1938; Ben du Toit (v.) 1937, 1938.

Vierde ry: Matie-Springbokkapteins v.l.n.r.


Paul Roos (v.) 1906; Theo Pienaar (v.) 1921; Eerste Veld: Adderley Square of Braak, 1874-1885; P. K. Albertyn (s.) 1924; Tweede veld: Vlakteveld, 1886-1896; Danie Craven (s.s., s., l.s., v.) 1937, 1938; Derde Veld: Pawiljoenveld, 1897-1930; Saltie du Rand (v.) 1956; Vierde Veld: Coetzenburg, vanaf 1931; Avril Malan (v.) 1960, 1963; Abe Malan (v.) 1963, 1964.

Vyfde ry, v.l.n.r.

Tjol Lategan (s.) 1949, 1951, 1953; Bubbles Koch (v.) 1949; W. H. M. Barnard (v.) 1949, 1951; Ballie Wahl (s.s.) 1949; Willem Delpot (v.) 1951, 1953; Jan Pickard (v.) 1951, 1953, 1956, 1958; Daantjie Rossouw (s.) 1953; Butch Lochner (v.) 1955, 1956, 1958; Amos du Plooy (v.) 1955; James Starke (v.) 1956; Jan du Preez (vl.) 1956; Pat Montini (s.) 1956; Jeremy Nel (s. en l.s.) 1956, 1958; Piet (Spiere) du Toit (v.) 1956, 1958, 1960, 1961; Dawie Ackerman (v.) 1955, 1956, 1958; Jannie Engelbrecht (vl.) 1960, 1961, 1962, 1963, 1964; Mannetjies Roux (s. en vl.) 1960, 1961, 1962, 1963; Attie Baard (v.) 1960.

Sesde ry, v.l.n.r.

Piet van Zyl (v.) 1960, 1961; Ben-Piet van Zyl (vl.) 1960, 1961; Dawie de Villiers (s.s.) 1962; Hannes Botha (v.) 1960, 1962; Hannes Marais (v.) 1963, 1964; Haas Schoeman (v.) 1963.





Die Groot Uitdaagbeker, mees gesogte rugbytrofee in die Westelike Provincie. Leon du Plessis (onder-kaptein, links) en Tampan Jordaan (kaptein) het rede om so breed te glimlag, want dit is vanjaar die 19de keer dat Stellenbosch die rugbykampioenskap van die Westelike Provinsie verower het.

waaronder die 7 Springbok-kapteins, wat hierdie Klub gelewer het. As boskrif vir hierdie gesamentlike foto is die leuse van Oubaas Mark gekies, naamlik: „Rugby vir Suid-Afrika”. In dieselfde vertrek word geskiedkundige stukke gebêre en is daar onder andere die pragtige afdruk van die skildery van die rugbywedstryd wat Otto Landsberg in 1886 geskilder het. Dit het 'n tyd gelede in Die Huisgenoot verskyn. Min mense wat daardie afdruk gesien het, het besef dat dit juis die Maties was wat daardie dag teen die Biskoppe gespeel het.

Stellenbosch het, in die ou dae, pragtige en roemryke prestasies gelewer waarop ons met reg trots is. Ons moet egter onthou dat die huidige geslag al daardie prestasies ge-ewenaar het, ten spyte daarvan dat rugby in die laaste 50 jaar deur die hele land versprei en ingeslaan het. Vanjaar het die Klub nie minder nie as 9 bekers, waaronder die Groot Uitdaagbeker, hierheen gebring en 20 Maties en oud-Maties is uitgenooi om aan die proefwedstryde deel te neem. Ses Maties, t.w. Dawie de Villiers, Jannie Engelbrecht, Johan Schoeman, Rooies van Wyk, Faan Conradie en Dirkie de Vos is gekies vir die finale proefwedstryde in April 1965. Ons vertrou dat hulle ook hulle bydrae sal lewer tot „Rugby vir Suid-Afrika”.

Na die proefwedstryde het die sportredakteur van die Sunday Times soos volg geskryf: „If this week's Rugby Trials in Cape Town proved nothing else it underlined once again what a fantastic debt our national game owes to Stellenbosch University”. Elke rugby-entoesias op Stellenbosch sal ook volmondig saamstem as hy sê: „The influence of Dr. Craven is one of the reasons why Stellenbosch produces good rugby players with such consistency. The proud tradition of the university, I am sure, is another one and so is the unselfish work and devotion of the coaches and the other backroom boys”. Hy kom dan tot hierdie gevolgtrekking: „Whatever the reasons may be, the very roots of South African Rugby seems to be embedded in this picturesque little town”.

KLAARGEMAAKTE OUD-MATIE KLEURBAADJIES

DEUR VEKA

(Volledig met Nuwe Wapen en Wapenkopies)

R24.35 (Posvry.)

SNYERSGEMAAKTE BAADJIES

Skryf om Maalvorm.

OUD-MATIE-DASSE

R1.75 (Posvry.)

FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID-DASSE

SPORTMANNE!

Semi-draad Klubwopens van alle MATIE SPORTKLUBS op swart agtergrond . . .
R2.85. (Skryf om Kleurkaart aan: U.S. Sportsekretaris, Coetzenburg.)
Swart Enkelbors Barathea Boodjies R18.90 (Posvry.)

NOU BESIKIBAAR!

Stellenbosch Rugbyklubdas in Terylene R2.25 (Posvry.)

OUD-KOSGANGERS VAN EENDRAG, HUIS MARAIS EN SIMONSBERG!

U eie Koshuis se Nuwe Das . . . R1.80 (Posvry.)



GEBRS. DE WET


Die Alombekende Motiewinkel

STELLENBOSCH

POSBUS 21

TELEFOON 3001

M·A·T·I·E spells



Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.

Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers — die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Zodiac, Zephyr en Taunus, middelslagmotors met ongewone waarde, en die pragtige, gewilde Anglia en Cortina.

As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien — ons voortrefflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521

Doenigheid van die Huidige Maties


Mediese Studente open Kliniek in Bellville

Die gereelde Akademiese Jaardag van die Fakulteit van Geneeskunde op 7 Augustus, is vanjaar voorafgegaan deur twee belangrike studente-bedrywighede. Die vorige dag het die mediese studente vir die eerste keer hulle eie Akademiese Jaardag gehou waartydens verskeie studente referate gelewer het en 'n interessante uitstalling aangebied is.

Woensdagaand, 5 Augustus, is 'n lang-gekoesterde ideaal verwesenlik toe die studente se mediese kliniek in Bellville-Suid geopen is. Onder leiding van mnr. J. L. van der Merwe, 'n 35-jarige getronde finalejaar-student, het die mediese studente gednrende die afgelope 6 jaar herhaalde pogings aangewend om genoeg geld in te samel om die kliniek te open. Van die begin van hierdie jaar het hulle die kafeteria by die Karl Bremer-Hospitaal oorgeneem en binne ses maande genoeg geld gemaak om die nodige voorrade en instrumente aan te koop.

Die kliniek sal sowat 5,000 Kleurlinge bedien en aan die stndente waardevolle ondervinding gee in die behandeling van siektes. 'n Dokter sal die studente bystaan. Pasiënte betaal slegs 10c vir die behandeling en hierdie geld sal gebruik word om die kliniek te verbeter.

Finalejaarstudent J. L. van der Merwe ondersoek die eerste pasiënt wat by die Kliniek aangeklop het, terwyl sy medestudente belangstellend toekyk.



Lewensredding as Sport aan die Universiteit

Nadat daar die afgelope tyd noukeurig ondersoek ingestel is, is besluit om binnekort 'n Lewensredingsklub op Stellenbosch te stig. Lede van die Klub sal 'n nabylee strand, waarskynlik Gordonsbaai, patroolleer en spanne sal afgerig word vir deelname aan W.P. liga kompetisies, W.P. Kampioenskappe en S.A. Kampioenskappe.

Die opleiding sal waargeneem word deur Maties wat gekwalifiseerde lewensredders is en sal insluit: basiese dril, kompetisiedril, fisiologie, eerstehulp, kunsmatige asemhaling, sein- en kompetisiereëls en -regulasies. Aan persone wat die opleiding suksesvol deurloop, word 'n bevoegdheidsertifikaat toegeken. Aan lede wat hulle onderskei in die kompetisies, is die toekenning van provinsiale en selfs Springbokkleure moontlik.

Gedurende vakansies sal die klublede wat by strande vakansie hou, tydelik by daardie plekke se klubs aansluit, nie net met die oog op ontdekking nie, maar om diens te lewer, want Lewensredding is 'n sportsoort met 'n diensmotief.

U.S. Volkspelelaer vier Mondigwording

Op 21 Maart vanjaar het die U.S. Volkspelelaer sy 21-jarige bestaan feestelik herdenk by wyse van 'n saamtrek onder spreiligte op Coetzenburg. Neef Koos Agenbach wat in 1947 leier van die Laer was en tans verbonde is aan die Hoër Tegniese Skool op Worcester, het weer eens die leiding geneem. By wyse van 'n uitstalling is 'n beeld gegee van wat Volkspele tot dusver bereik het.

Tydens die feestelikheid het die gedagte ontstaan om die geskiedenis van die Laer te boek te stel. Die Bestuur doen dus 'n vriendelike beroep op al die oud-Matievolkspelers om hiermee te help aangesien die beskikbare rekords baie onvolledig is. Teken asseblief aan alles wat u weet van die bedrywigheide van die Laer: name van bestuurslede en watter 'kursusse hulle gevold het; plekke waar gespeel en saamtrekke gehou is, ens. Foto's sal baie welkom wees. Rig al die korrespondensie aan: Mnr. J. P. Bezuidenhout, Heroldstraat 28, Stellenbosch.

Matie verower gedenkprys

Ter nagedagtenis van wyle professor Margaretha G. Mes, stigter en eerste hoof van die Instituut vir Plantfisiologie en -biochemie aan die Universiteit van Pretoria, ken die Suid-Afrikaanse Vereniging van Universiteitsvroue jaarliks 'n boekprys toe aan die mees uitstaande damestudent wat aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit in die betrokke jaar 'n B.Sc.-graad met Plantkunde as hoofvak behaal het.

Hierdie prys is vir 1963 toegeken aan mej. E. M. A. van Tonder van Otjiwarongo, S.W.A., wat haar graad verlede jaar aan die Universiteit van Stellenbosch cum laude behaal het met Plantkunde en Dierkunde as hoofvakke. Vanjaar volg mej. Van Tonder die S.O.D.-kursus.

Langasem-atlete Presteer

Die Universiteit se langasem-atlete, o.a. De Villiers Lamprechts, Wilf Thring, Mike Walters, Riel Hugo en Danie van den Berg het vanjaar uitstaande prestasies gelewer en o.a.

- die Westelike Provinse-kampioenskap verower.
- die Port Elizabeth-Uitenhage afloswedren gewen.
- die Suid-Afrikaanse klubkampioenskap gewen.
- vyf lede in die span van die Westelike Provinse gehad wat die Suid-Afrikaanse kampioenskap op Coetzenburg verower het.
- twee lede vir die Suid-Afrikaanse span gelewer, t.w. De Villiers Lamprechts en Wilf Thring.

Gedurende 1964 het meer as 40% van die totale studentetal deelgeneem aan liggaamlike ontspanning in die vorm van Sport. Die georganiseerde koshuiskompetisies vir rugby, tennis (mans en dames), hokkie (mans en dames), krieket, netbal en boks het reeds ontwikkel in een van die mooiste buitemuurse bedrywigheide van die Universiteit en het ook 'n inherente en belangrike deel van die studente-samelewing geword. Die mooiste aspek van hierdie onderlinge wedwywing, is sekerlik die hegte eenheid en wonderlike samehorigheid as Stellenbosch teen die buitewêreld optree.

DIE CHRISTEN-STUDENTE SENDINGBOND wil graag kontak maak en behou met al sy oud-lede. Die Vereniging het ook besluit om 'n Sendingblaadjie, Die Krygsbanier, elke kwartaal uit te gee teen 40c per jaar. Stuur u naam, adres, besonderhede oor lidmaatskap en 40c intekengeld aan:

Die Sekretaris, C.S.S.B.,
p.a. C.S.V.-Takkantoor, Stellenbosch.



NASIONALE HANDELSDRUKKERY BPK.

TEL: 98-3911 ZELDAST ELSIESRIVIER PAROW TELEGRAMME PERFECTOR KAAPSTAD

Geagte Sakeman,

Meer as enigets anders gee u kantoor se drukwerk 'n indruk van smaak en sakevernuf wat ver en wyd versprei word.

Daarom is dit lonend om u drukwerk te laat in die bekwame hande van

NASIONALE HANDELSDRUKKERY
wie se hoogsgeskoolde vakmanne internasionale prysse verower het vir die druk van boeke.


NASIONALE HANDELSDRUKKERY
met 'n verkoopkantoor in Leeuwenstraat, Kaapstad (Telefoon 2-2124), druk

LETTERPERS EN LITOGRAFIE
en spesialiseer in Kleurwerk: Vorms • Fakture • Rekeningstate • Kwitansies • Tjeks • Briefhoofde en Koeverte • Indekskaarte • Leggers • Brosjunes en Pamflette • Enige vorm van drukwerk vir kantoordeleindes • Kerskaartjies • Troukaartjies • Visitekaartjies • ens. Vir keurige drukwerk raadpleeg ons eerste.


Die uwe,



VR-4120A



Van Alles en Nog Wat



Van Harte Geluk aan:

ADV. J. F. W. HAAK (LL.B 1939)

wat onlangs benoem is tot Minister van Beplanning en Mynwese. Hy was die afgelope paar jaar reeds Adjunk-Minister van Ekonomiese Sake. As student op Stellenbosch was adv. Haak o.a. voorsitter van die Studenteraad en die Afrikaanse Nasionale Studentebond, en Primarius van Dagbreek.



MEV. LAURETTA MAREE (Boshoff) (B.A. 1962, S.O.D. 1963)

wat tydens die interprovinsiale hokkietoernooi en proefwedstryde gekies is as lid van die Springbokspan wat aanstaande jaar deur Brittanje en Europa gaan toer. Sy is die tweede Matie-dame wat Springbokkleure in hokkie verwerf.

Die Duits-Suid-Afrikaanse Akademiese Bond

Die Kultuurooreenkoms tussen Duitsland en Suid-Afrika en die Duits-Suid-Afrikaanse Kringe waarvan daar reeds meer as twintig in die Bondsrepubliek bestaan, is bewyse van die verwantskapsgevoel tussen dié twee lande en moet ook gesien word as pogings om 'n steeds beter verstandhouding tussen Duitsland en Suid-Afrika tot stand te bring. Die Duits-Suid-Afrikaanse Akademiese Bond wat op 29 Februarie 1964 in die lewe geroep is, dien dieselfde doel.

Die stigtingsvergadering van die Bond in Burg Rieneck is deur 40 studente bygewoon, meestal Suid-Afrikaners wat in Duitsland studeer, maar ook verskeie Duitsers wat in Suid-Afrika gestudeer het. Oud-Matie *Gerhard Töttemeyer*. (B.A. 1958; Hons.-B.A. 1959; S.O.D. 1960) is tot voorsitter verkies. Hy werk tans aan sy doktorsgraad in Politieke Geskiedenis aan die Universiteit van Freiburg.

Intervarsity-liedjies op Langspeelplaat

In 'n vorige uitgawe van Matieland is die behoefte aan 'n langspeelplaat met Intervarsity-liedjies deur een van ons Oud-Matielbondtakke heklemtoon. Die Langspeelplaat, Sing-Songs, (Sound 7, SOU 1001) wat pas verskyn het, is net die ware Jakob om in hierdie behoefte te voorsien.

Twee oud-Maties, Johan Stander en André de Waal, het tydens vanjaar se sang-oefeninge opnames gemaak waaruit 'n paneel van ond-Maties die gewildste liedjies gekies het. Onder die dertigtal wat ingesluit is, is ou bekendes soos „M.A.T.I.E.” asook nuwere wyses soos „Ching-Ching-Ching”.

Sing-Songs kan bestel word van Studio 7, Van Ryneveldstraat, Stellenbosch.

Nuusflitse

DR. MARIUS SWART, senior lektor in Geskiedenis op Stellenbosch van 1959 tot 1961, is met ingang 1 Januarie 1965 aangestel as professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Port Elizabeth. Dr. Swart was die afgelope twee jaar senior lektor en hoof van die Departement van Geskiedenis aan die Universiteitskollege, Wes-Kaapland.

DR. T. H. BARRY (B.Sc. 1949, M.Sc. 1951, D.Sc. 1955) het op 1 Oktober vanjaar diens aanvaar as Direkteur van die Suid-Afrikaanse Mnseum in Kaapstad. Van 1955 tot 1958 was hy lektor in Dierkunde aan die Universiteit van Pretoria en sedertdien Direkteur van die Albanie-Museun op Grahamstad.

In 1962 het die W.N.N.R. 'n studiebenrs aan dr. Barry toegeken vir verdere studie in die Paleontologie. Hy is redakteur van die navorsingsjoernaal van die vyf provinsiale museums in Kaapland en lid van die koördinerende raad vir navorsing in die argeologiese, antropologiese en paleontologiese neerslae in die Oranjerivierbekken. Hy is 'n erkende gesaghebbende op Karoo-fossiele.

MNR. P. B. VAN SCHALKWYK (B.A. 1939, M.A. 1943), vroeër verbonde aan die Staatsbiblioteek in Pretoria, het 'n betrekking aanvaar as senior lektor in die Bibliotekewetenskap aan die Universiteitskollege, Fort Hare.

MNR. JAMES CLYDE ARMSTRONG, 'n Amerikaanse student wat gedurende 1961 aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het, is onlangs in New Jersey getroud. Hy het destyds na Suid-Afrika gekom omdat hy so baie belang gestel het in die Afrikaners en hulle taal. Sedertdien het hy die graad M.A., cum laude, aan die Harvard-Universiteit behaal op 'n proefskef oor die Afrikaanse taal.

MNR. C. J. FRANCKEN (B.Comm. 1947), wat eers in Pretoria werksaam was, is nou Hoofrekenmeester van die Suidwestelike Transvaalse Landbou-koöperasie met hoofkantoor op Leeudoringstad.

ADV. J. J. (BUKS) FOUCHE (B.A. 1941, LL.B. 1943) is in die plek van mnr. H. A. Rnst benoem tot Suid-Afrikaanse Ambassadeur in Nederland. Adv. Fouché is 'n seun van Sy Edele mnr. Jim Fouché, Minister van Verdediging en was volksraadslid vir Smithfield.

DR. J. H. GILIOMEE (B.Sc. in Landbou 1957, M.Sc. in Landbou 1961), lektor in Insektkunde, het in Augustus na Suid-Afrika teruggekeer nadat hy twee jaar in die binneland navorsing gedoen het. Hy het in Julie sy doktorsgraad aan die Universiteit van Londen behaal. Dr. Giliomee het in 1962 met 'n Statebondsbeurs na Brittanje vertrek en het navorsing gedoen oor die klassifikasie van sagte dopluise.

DR. V. D. WASSERMANN (B.Sc. in Landbou 1954, M.Sc. in Landbou, cum laude, 1957), senior lektor in Akkerhou en Weiding, het in September amptelik verneem dat die graad Ph.D. deur die Universiteit van Adelaide aan hom toegeken is. Dr. Wassermann het drie jaar navorsing gedoen in Australië en sy proefskef gaan oor sekere aspekte van die effek van lug, stikstof en water op die groei en ontwikkeling van koring.

DR. JOHAN P. KOTZÉ (B.Sc. in Landbou 1956, M.Sc. in Landbou 1960) het in Julie vanjaar 'n doktorsgraad in die natuurwetenskappe aan die Tegniese Universiteit van München behaal. Hy keer aan die einde van die jaar saam met sy gesin terug na Suid-Afrika.

Oud-Maties Gholfklub Bedrywig

Ons het so pas weer die Oud-Maties Gholfklub van Johannesburg se 1964 bydraes tot Universiteitsfondse ontvang — R150 vir die Eeu feesfonds en R50 vir die Matielandfonds. Tot dusver het die Klub reeds skenkings van R603 aan verskillende verdienstelike instansies gemaak.

Jannie Z. le Roux was vanjaar die wenner van Rembrandt se Coetzenburg-wisselbeker vir individuele spel en die Rondalia-wisselbeker vir die beste gros stapleford-telling. Saam met Mike Meyer het hy ook die U.C.T.-wisselbeker vir parelspel gewen.

Op 31 Oktober het die „Intervarsity“ teen die oud-Tukkies plaasgevind en op 28 November die jaarlikse kragmeting met „Nomads“. Op 18

Februarie volg die driehoekige byeenkoms tussen Suidelike Universiteite, Nomads en Perdewedrenbeamptes. Hier op Stellenbosch sien ons egter die meeste uit na die Klub se voorgenome besoek aan Stellenbosch by geleentheid van Intervarsity en hulle wedstryd teen 'n span van die Universiteit.

Na 2 jaar het mnre. Justus van der Spuy en Frans Wessels die tuig neergelê as voorstander en sekretaris van die klub. Die bestuur vir die komende jaar is soos volg saamgestel:

Vorstander: Dan de Villiers

Sekretaris: Piet du Toit

Add. lede: Justus van der Spuy, Frans Wessels en Mike Meyer (vir Pretoria-bearbeiding).

„Matieland“-fonds

BAIE DANKIE aan meer as 300 oud-Maties wat gedurende die afgelope paar maande ons Fonds met meer as R1,000 gesterk het. Ons reken daarop dat die ander 7.000 oud-studente aan wie brieve gerig is, ook nog van hulle sal laat hoor. Weeus gebrek aan ruimte kan ons ongelukkig nie al die bydraes in hierdie uitgawe erken nie — dit sal in die volgende uitgawe gedoen word. Intussen sê ons baie dankie vir elke bydrae en by voorbaat ook vir dié wat nog sal kom.


By ons ter perse gaan staan die Fonds op nagenoeg R4,800.

Maak u tiek of posorder uit aan Matielandfonds en stuur dit aan Die Redakteur, Matieland, Die Universiteit, Stellenbosch.

Totaal tot 30 Junie 1964	R3,798.62			
Albertyn, Mn. A. P., Van der Stelstraat 59, Stellenbosch	2.00	Beyers, Dr. B. G., Posbus 314, Kroonstad, O.V.S.	R10.00
Babst, Mn. C. F., Jan van Riebeeckweg 163, Oudtshoorn	2.00	Beyers, Mn. J. A., Posbus 78, Westonia, Tvl.	5.00
Badenhorst, Mn. D. F., Posbus 181, Upington	5.00	Bodenstein, Mej. L. B., Posbus 217, Pretoria	2.00
Badenhorst, Mev. J., Van der Stelstraat 38, Stellenbosch	3.00	Boonzaaijer, Mn. N. M., Posbus 28, Wolmaranstad, Tvl.	4.40
Bakkes, Mn. I. S., p.a. Nasionale Paaie, Privaatsak 6014, Port Elizabeth	3.00	Bosch, Mn. J. F., Brandwag, Mosselbaai	2.00
Bakkes, Mn. J. M., H. T. S. de Wet Nel, Kroonstad	1.00	Botha, Mn. F. J., Posbus 8256, Johannesburg	2.00
Barnard, Mn. A., Neethlingstraat 14, Stellenbosch	1.00	Botha, Mn. en mev. G. D., Pk. Auspannplatz, Posbus 5621, Windhoek	1.00
Barnard, Mn. en Mev. F. J. W., Posbus 12, Springs	1.00	Bredenkamp, Mn. en mev. R. P., Posbus 518, Bloemfontein	4.00
Barnard, Mn. J. J., 18de Laan 70, Boston Landgoed, Bellville, K.P.	2.00	Brink, Ds. D., Die Pastorie, Freresingel 12, Uitenhage	5.00
Barnard, Mn. P. R. B., Laerskool Stulting, Humansdorp	3.00	Brits, Mn. en mev. R. J. N., Nyalastraat 3, Welkom, O.V.S.	4.00
Behrens, Mn. Hugo E. A., Posbus 11, Kroondal, Tvl.	1.00	Büchner, Mn. J. V., Posbus 6905, Johannesburg	5.00
Benning, Mn. L. H., Univ. van S.A., Posbus 392, Pretoria	5.00	Buhr, Mn. E. A., Posbus 14, Nieuwoudtville, K.P.	5.00
Bergh, Mev. J. M. C., Pk. Hartenbos	2.00	Burger, Dr. A. J., Carinusstraat 202, Meyerspark, Pretoria	2.00
Bester, Mn. A. J., Hoërskool Templeton, Bedford	2.00	Burger, Mn. J. I. de V., Nelsdrift, Pk. Port Allen, oor Theunissen	2.00
Bester, Ds. C. J., Pastorie, Wellington	2.00	Christie, Mn. G., p.a. McWilliams & Elliott, Posbus 45, Port Elizabeth	5.00
Bester, Mn. J. R., Porter-verbeteringskool, Retreat, K.P.	2.00	Cillié, Mej. A. M., G. de la Bat Kleuterskool, Worcester	2.00
Bester, Mn. M. H. v. N., Posbus 36, Kuruman, K.P.	10.00	Cilliers, Mn. C. J. P., Audersonstraat 177, Brooklyn, Pretoria	10.00
Beukes, Mn. G. W. F., Posbus 16, Rustenburg, Tvl.	5.00	Coetzee, Mej. E. J., Hoërskool, Montagu	1.00

Coetsee, Mn. J. P., Privaatsak 195, Pretoria	R1.00	Erasmus, Mn. en mev. J. A., Loskop, Somerset-Oos	R10.00
Coetzer, Mev. M. M., Tugelaweg 21, Emmarentia, Johannesburg	5.00	Erasmus, Dr. J. E., Fakt. van Landbou, Univ. van Stellenbosch, Stellenbosch	2.00
Conradie, Mn. en mev. D. G., Chris van Niekerklaan 38, Generaal de Wet, Bloemfontein	4.00	Esterhuizen, Mn. T. H. J., Tegniese Kollege, Pietermaritzburg, Ntl.	4.20
De Groot, mev. A. J., Posbus 106, Ali- wal-Noord	2.00	Evans, Mn. E. P., Villastraat 49, Sunny- side, Pretoria (bydrae vir 1964/1965)	30.00
De Jager, Mn. Louis J. E., Bothashof, Posbus 3900, Salisbury, S. Rhodesia	2.00	Feeley, Mn. J. E., Posbus 75, Pieter- maritzburg, Ntl.	1.00
De Jongh, Mn. L. J., Posbus 72, Raw- sonville	4.00	Ferreira, Mn. Pieter T., Posbus 3246, Port Elizabeth	1.00
De Klerk, Mn. J. G., Landboukollege, Glen, O.V.S.	2.00	Gobreehts, Dr. C., Posbus 46, Bonnie- vale, K.P.	1.00
De Lange, Mn. A. O., Grootfontein Landboukollege, Middelburg, K.P.	5.00	Gous, Mn. en mev. A. F., Inspekteur In- boorlingonderwys, Pk. Ondangua, Ovamboland	10.00
De Villiers, Mn. C. W., Vredenburg, Simondium, K.P.	1.00	Greeff, Mn. J. W., Posbus 66, Ali- wal-Noord	10.50
De Villiers, Mn. D. J., Posbus 1, Grünau, S.W.A.	5.00	Greeff, Mn. P. W., Posbus 47, Olijwa- rongo, S.W.A.	3.00
De Villiers, Mn. G. J., Skoonheid, Kuils- rivier, K.P.	1.00	Greenstein, Mn. E. J., Kenmain Gardens 12, Hoofweg, Kenilworth, K.P.	5.00
De Villiers, Dr en mev. J. E., Stellen- berglaan 8, Welgeleagu, Stellenbosch	2.00	Grewar, Mn. C. H., Berg-en-See, Somer- set-Wes	1.00
De Villiers, Mn. J. R. B., Posbus 16, Gansbaai, K.P.	5.00	Griesel, Ds. en mev. J. J., Posbus 6, Morgenzon, Tvl.	1.00
De Villiers, Mn. en mev. P. H., Morkel- straat 7, Somerset-Wes	2.00	Grobelaar, Dr. C. J., Krugerstraat 62, Potgietersrus	2.00
De Wet, Mn. A. P., Posbus 114, Le Chasseur, Robertson	5.00	Grobelaar, Mn. H. L., Elsenburg, Pk. Muldersvlei	4.00
De Wet, Mn. en mev. J. A., Flinders- laan 454, Lynnwood, Pretoria	2.00	Groenewald, Dr. E. P., Posbus 59, Pk. Lynnwood, Pretoria	5.00
Dittrich, Mej. R., Hoër Landbouskool, Pk. Amsterdam, Tvl.	1.00	Gronum, Mej. A. D., Oranjewoonstelle 15, Paarl	2.00
Dommissie, Mn. E. L., Windellstraat 5, Durbanville, K.P.	2.00	Gronum, Mn. M. A., Bergziehtstraat 57, Malmesbury	2.00
Dovey, Mn. P. A., Parkstraat 1185, Hatfield, Pretoria	0.50	Hall, Reger C. G., Soete Inval, Truter- straat, Robertson, K.P.	4.00
Du Plessis, Mn. D. G., Sanlam, Posbus 1, Sanlamhof, K.P.	5.00	Hamersma, Kouingin Wilhelminalaan 212, Nu Muckleueuk, Pretoria	1.00
Du Plessis, Mn. S. S., Privaatsak 209, Pretoria	4.00	Hanekom, Mn. H. J., p.a. Geologiese Opname, Posbus 401, Pretoria	5.00
Du Preez, Mev. D., Posbus 161, Spring- bok, K.P.	1.00	Hattiugh, Mev. S. G., Lingenhof 16, Vau- der Liugenstraat, Paarl	1.50
Du Preez, Mn. D. M., Posbus 64, Vredendal, K.P.	3.00	Heymans, Mev. N., Burgerstraat 5, Standerton, Tvl.	3.00
Du Preez, Mn. F. A., Posbus 26, Lady Grey, K.P.	2.40	Heyns, Ds. P. H., Gutu Sendingstasie, Pk., Gutu, S.R.	2.00
Du Toit, Mn. en mev. A. B., Seun- hostel, Cradock, K.P.	2.00	Hirzel, Mn. R., Posbus 1357, Pretoria	2.00
Du Toit, Mn. D. F. Q., Posbus 325, Paarl	3.00	Hofmeyr, Mn. en mev. J. H., Posbus 16, Riversdal, K.P.	2.00
Du Toit, Mn. F., Posbus 55, Silverton	2.00	Hoffman, Mn. A. E. du T., Buitekantst., Swellendam	2.00
Du Toit, Mn. F. E., Devon View 4, Devonshire Hillweg, Rondebosch, K.P.	10.00	Hofmeyr, Reger S., Hoogereghof, Bloemfontein	2.00
Du Toit, Mn. G. C., Uniestraat 33, Strand, K.P.	2.00	Holzapfel, Mn. C. R., Yskor Hoofkan- toor, Posbus 450, Pretoria	2.00
Du Toit, Ds. J. F., Stellastraat 152, Brooklyn, Pretoria	2.00	Hough, Mn. M. A., Anglo American Corp., Posbus 172, Kitwe, N.R.	10.00
Du Toit, Ds. P., Posbus 4680, Kaapstad	2.50	Hugo, Mev. C. A., Oostersee Woostelle J, Voortrekkerweg, Parow, K.P.	4.00
Du Toit, Mn. P. J., Posbus 50, Mid- delburg, K.P.	1.00	Hugo, Mn. en mev. P. J., Posbus 311, Kroonstad, O.V.S.	5.00
Du Toit, Mn. S. P., Biochemieseksie, Landboukollege, Potchefstroom	1.00	Hugò, Mn. T. P., Merrimanstraat 40, Wolseley, K.P.	2.00
Eich, Mej. M. E., Riebeeckstraat 78c, Worcester	2.00	Hugo, Mn. W. S., Posbus 57, De Aar Human, Mn. Frans J., Sendingkantoor,	2.50
Ellis, Ds. en mev. E., Pk. Hoekwil, George	3.00	Posbus 1012, Kaapstad	4.00
Engela, Mn. R. B., p.a. Sanlam, Po- bus 76, Stellenbosch	2.00	Jansen, Mev. L. J., Birdstraat 61, Beau- fort-Wes	4.00

Jansen van Vuureu, Mn. J. M., Posbus 79, Kingstraat 14, Humansdorp	
Jansen van Vuuren, Mn. T., Dept. van Onderwys, Posbus 13, Kaapstad	
Jarrard, Mn. C. J., Posbus 3824, Kaapstad	
Jonker, Mn. N. L., Mooiuitsig, Posbus 15, Bonnivale, K.P.	
Joubert, Mn. F. J., Draaihoogte, Posbus 553, Suid-Paarl	
Joubert, Mn. G. J., Westsidehof 103, Westbourneweg, Port Elizabeth	
Keller, Ds. M. J., Posbus 26, Prins Albert	
Kellerman, Dr. J. E., Langstraat 13a, Moutagu	
Kellner, Dr. W. A., Posbus 188, Swakopmund, S.W.A.	
Kilian, Ds. J. D., Paul Roosstraat 22, Unitaspark, Vereeniging	
Kleijn, Mev. E. L., Hoërskool, Ladybrand, O.V.S.	
Klinger, Mn. en mev. H. P., Seuns Hostel, Butterworth, K.P.	
Kok, Mej. Anna, Posbus 529, Bloemfontein	
Kotzé, Mn. J. E., Posbus 13, Louis Trichardt, Tvl.	
Kotze, Mn. J. F., Posbus 4, Upington		
Krige, Mn. P. R., Posbus 15, Lynnwood, Pretoria	
Kritzinger, Dr. C. C., Hartleyweg 29, Parsonsheuwel, Port Elizabeth	
Kromhout, Mn. Chris, P. S. Gewaagd, Winterton, Natal	
Krüger, Dr. en mev. H. E. C., Nassau Huis, Pleinstraat, Stellenbosch	
Kruger, Mn. T. H., Fakt. van Landbou, Univ. O.V.S., Bloemfontein	
Kühn, Mn. J. H. G., Posbus 223, Windhoek, S.W.A.	
Langenegger, Mn. P., Pk. Brondal, oor Nelspruit, Tvl.	
Langenhoven, Dr. en mev. H. P., Vanderbylstraat 17, Sasolburg, O.V.S.	
Latsky, Ds. E. H., Posbus 77, Bethal, Tvl.		
Le Roux, Mn. G. H., Posbus 136, Hennenman, O.V.S.	
Le Roux, Mn. J. B., Posbus 100, Sasolburg, O.V.S.	
Le Roux, Mn. J. J., Hoërskool, Posbus 87, Burgersdorp, K.P.	
Le Roux, Prof. J. M., Jonkershoekweg 43, Stellenbosch	
Le Roux, Mn. en mev. J. P., Will Searleweg 40, Robindale, Randburg, Tvl.	
Le Roux, Mn. en mev. J. Z., Beverleyweg 7, Auckland Park, Johannesburg	
Le Roux, Mev. L., Doreenstraat 145, Colbyn, Pretoria	
Le Roux, Mn. en mev. M. S., Hofmeyrstraat 14, Stellenbosch	
Liebenberg, Ds. F. J., Crusestraat 7, Krigeville, Stellenbosch	
Liebenberg, Mej. J. M., Walkerstraat 609, Muckleneuk, Pretoria	
Liesenfeld, Sister Luitgard, Holy Cross Convent, Aliwal-Noord	
R4.00	Lombard, mn. J. H. B., Parkstraat 1, Clanwilliam
10.00	Lombard, Mn. P. J. de W. en L., Posbus 14, Hibberdene, Ntl.
4.00	Lombard, Mn. P. J., Abrahamskraal, Umtata, K.P.
5.00	Lombard, Ds. R. T. J., Posbus 277, Vryburg, K.P.
2.00	Loots, Ds. J. J. G., Venterstraat 291, Capitol Park, Pretoria
1.00	Loubser, Mn. J. J., Posbus 99, Cleveland, Tvl.
3.00	Loubser, Mn. P. J., Posbus 129, Albertinia, K.P.
2.00	Louw, Mn. Eugene, p.a. Koeberg Trust, Posbus 137, Durbanville,
2.00	Louw, Dr. G. N., Landboukollege, Grootfontein, Middeburg, K.P.
1.00	Louw, Mn. H. J., Posbus 27, Brandvlei, K.P.
2.00	Louw, Mn. en mev. J. K., Kongwe, Pk. Dowa, Malawi
1.00	Louw, Mn. L. M., N.I.V.V, Stellenbosch
1.00	Louw, Mn. Koos, Middeldeurvlei, Pofadder, K.P.
2.00	Louw, Mn. P. J., Posbus 32, Velddrif
2.00	Malan, Dr. A. I., Merindol, Mortimerlaan 737, Mayville, Pretoria
10.00	Malan, Mej. June, Posbus 65, Adelaide, K.P.
1.00	Malan, Mn. Wynand, Posbus 25, Huguenot, K.P.
2.50	Malherbe, Mn. Paul, Suikerboskroon, Pk. Voëlkop, Hermanus
2.00	Marais, Mn. D. R., Riebeeck, Lady Grey
5.00	Marais, Ds. G. Ign., Die Pastorie, Hollandstraat 30, Despatch
2.00	Marais, Mn. G. J., Witzcnbergstraat 7, Tulbagh, K.P.
1.50	Marais, Mej. M. J., Hoërskool, Heidelberg, K.P.
5.00	Marais, Mev. P. G., Nuwejaarsfontein, Posbus 94, De Aar
2.00	Marais, Mn. P. S., Duminystraat 44, Bellville, K.P.
4.00	Markotter, Mn. J. S., Prospectlaan 1187, Hatfield, Pretoria
2.00	Matthee, Mn. P. H., Posbus 9, Vredendal, K.P.
3.00	Meyer, Mn. A. S., Westelike Graanboere-koöperasie Bpk., Malmesbury
3.00	Meyer, Dr. F., Posbus 450, Pretoria
3.00	Minnaar, Mn. G. T., Posbus 122, Parow
2.00	Mohr, Dr. J. D., Posbus 75, Piketberg	
2.00	Möller, Ds. G. S., Murraystraat 6, Wellington, K.P.
2.00	Morkel, Mn. P. K., Bellevue, Koelenhof
4.00	Muller, Mn. H., Posbus 16, Hecktorspruit, K.P.
4.00	Muller, Mn. R. T., Granadaweg 3, Evander, Oos-Transvaal
3.00	Murray, Kol. A. F., Worcesterstraat 9, Grahamstad, K.P.
4.00	Murray, Ds. S., Lovemoresingel 4, Adcockvale, Port Elizabeth
2.00	Murray, Mn. W. C., Posbus 2, Cala, K.P.
2.00	Totaal: R4412.12	



Gegradueerdes het uitstekende vooruitsigte in 'n loopbaan by Die Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk bied spesiale aanvangsalarisse en aantreklike diensvoorwaardes aan gegradueerdes. Om nadere besonderhede, skryf aan:

**Die Personeel-afdeling, Die Standard Bank
van Suid-Afrika Beperk, 3e Verdieping,
A.B.C.-Chambers, h/v Fox- en
Simmondsstraat (Posbus 7758), Johannesburg.**


**DIE STANDARD BANK
VAN SUID-AFRIKA BEPERK**

(Geregistreerde Handelsbank)

Grant 6073-4A

GENIET DIE BESTE!

Geniet Suid-Afrika se heerlikste Vrugte en Groente.
Dit is viru ingemaak deur...



4% HOË-RENTE-
SPESIALE-
SPAARREKENING

PER JAAR OP

'n Veilige en voordeelige manier om spaargeld te belê op onmiddellik opvraagbare basis.

- Rente bereken op daaglikske balans.
- Geen grootboekfooie.
- Slegs 1 ontrekking per maand word toegelaat.


Die rentekoers en verskeidenheid van gratis dienste wat op gewone spaarrekeninge aangebied word, bly onveranderd.

Stap vandag nog in
by een van

SAAMBOU

(PERMANENTE) BOUVERENIGING

se 367 lakkonlore en
agentskappe
WAAR
MENS TUIS VOEL



Doen gewone werk,

Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk,

Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

Frick
-NAAIMASJIENE

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

TELEFOON
98-6489

KONTRAKTEURS VIR K.H.V.S.

Vir verdere besonderhede sien Verdelings-/Kalenderbladsy in Teleaangids

Staal

**VIR
VOORUITGANG!**

Staal is die fondament vir nywerheidsontwikkeling in elke voornitstrewende land. Met 'n huidige produksiespieël van meer as 2,600,000 gietblokton per jaar, voorsien die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), verreweg die grootste deel van Suid-Afrika se staalbenodigdhede.

Ten einde tred te hou met die steeds stygende vraag na staal, het YSKOR 'n nuwe uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos en beplan is om sy jaarlikse produksievermoë binne die volgende tien jaar tot naasteby 4,500,000 gietblokton te verhoog.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark en in Pretoria en ses mynsentrums omvat. YSKOR het die dienste nodig van bedryfs-, chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigmindige ingenieurs, terwyl gegradeerdees in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word.

YSKOR-werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, 'n groeplewensversekeringskema, ontspanningsgeriewe en ander welsynfasilitete. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Bestuurder, Departement Personeel.



**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

HOOFKANTOOR:

POSBUS 450

PRETORIA



Elke Sigaret
'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig